

Dorslandtrek

CJH & LM du PLESSIS

Hierdie dokument word verskaf met die vriendelike vergunning van Mev. Hettie Stronkhorst wat 'n kleindogter van die skrywer is. Sy het versoek dat diegene wat gegewens het oor die persone wat in die stuk gemeld word dit asseblief aan haar voorsien sodat sy 'n databasis by die dokument kan voeg. U kan die gegewens e-pos aan Roelf du Preez wat dit dan weer aan haar sal voorsien:

roelfdup@yebo.co.za

DIE DORSLANDTREK

SOOS VERTEL DEUR DIE TREKKERS

C J H EN L M DU PLESSIS

Handgeskrewe teks is in die Ferdinand Postma Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir C H O

Beskikbaar gestel deur Mev. Hettie Stronkhorst (gebore Du Plessis)

Die Dorslandtrek, soos veftel deur die trekkers C.J.H. au Plessis en L.M. du Plessis.

In April 1875 het ons getrek van ons plaas Zoutpanslaagte, Distrik Pretoria. Ons was sewe families bymekaar:

S.J. Kruger
L.M. du Plessis
J.H. du Plessis
Ph. du Plessis (J. seun)
H.P. Grobbelaar
J.H. Grobbelaar
S.J. Grobbelaar

*(Oorspronklike dokument
is in die Ferdinand Postma
Biblioteek van die
Potchefstroom Universiteit
vir CHO)*

Drie trekke van die plase af het ons die Sondag oorgebly waar Con C. van der Westhuizen en eggenote van Elandsfontein af van ons kom afskeid neem het.

Vandaar is ons Maandagmôre, na 'n voorspoedige trek, veilig aangekom by Vlieëpoort aan Krokodilrivier.

Langs die Oostekant van die rivier is ons af tot naby Olieëdrif waar ons die rivier deur is en verder langs die Westekant af tot by die ou wegdraai. Daar is ons die rivier weer deur en langs die oostekant af. Daar het ons agtien huisgesinne ontmoet, vyftien uit Rustenburg-distrik, twee uit Pretoria en een uit Waterberg.

Waterberg - Barend Prinsloo

Pretoria - Joachim Prinsloo
Marthinus Schutte

Rustenburg - Piët Venter (Leier)	M.J. van der Merwe
H.P.J. van Wyk	P.J. van der Merwe
G.J. Kruger	Ph.L. du Plessis
M.A. Pretorius	R.J. Holtzhuizen(Leier)
T. van der Walt	J.A. Holtzhuizen
J.M. Roets	G. Alberts
J.M. van der Merwe	J.A. Kruger
G.J.S. van der Merwe	

Hier is nog 'n huisgesin van agter af bygekom ook uit Distrik Pretoria, Gert Smit. Almal is toe saam 'n entjie langs die rivier af waar 'n klein hartbeeshuisie gemaak is om as skool te dien. H.P.J. van Wyk (H. Seun) het opgetree as onderwyser.

2.

Hier is verder L.M. du Plessis gekies as voorman of leier van die trek.

Die Kafferkaptein Gamma het hier 'n onderhoud met die trekkers gehad. Hy was nog goedgesind.

Ongeveer 'n maand na die aankoms is ons weer verder langs die rivier af. By die volgende staanplek het B. Prinsloo 'n eerste ontmoeting gehad met twee leeus. Terwyl hy op 'jag uit was met die perd bet hy op hulle afgekom. Hulle het horn verskeie male stormgeloop, maar niks meer gedaan as 'n dreigende houding aan te neem nie. Naderhand is hulle die bos in en hy terug waens toe. By die waens het hy versterking gekry en hulle het daarin geslaag om altwee dood te skiet. Nog 'n leeu is kort daarna by die waens doodgeskiet, waaronder die aanval op die leeus ook twee van die honde per ongeluk geraak en doodgeskiet is. Ook Rudolph Steenkamp wat saam met L.M. du Plessis getrek het, het op 'n dag 'n leeu gekry naby die waens onder 'n boom. Hy is toe afgemaak.

Hier is verder ook drie wolwe gevang met 'n wolwehok. Die eerste is oopgetrek sodat die honde kon by kom. Die vrouens en kinders het almal gaan kyk, maar het gou weer die loop geneem waens toe, toe die wolf na hulle kant toe gestaan het. So is ook met die tweede en derde gedaan. M.A. Pretorius is per ongeluk deur sy eie hond gebyt aan die hand toe hy die wolf aan die agterpoot wou vat. Die laaste wolf het amper vry gekom. In Oktober is ons weer terug na die Ou Wegdraai om weer in die regte pad te kom. Daar is ons toe die rivier deur. Die trek is toe met voorspoed gegaan tot tussen Gam en die Klautsi rivier. Daar was nie water naby die pad nie, sodat die beeste rondgehardloop en gebulk het. Maar gelukkig is dieselfde agtermiddag 'n groot bui reën daar deurgetrok sodat al die panne, slote en kuile vol was. Toe is daar twee mans, B. Prinsloo en Hans Grobbelaar vooruit gestuur om na die water in Klautsi te gaan kyk. Hulle het verslag gebring dat daar water was, maar baie sleg omdat die rivier nog nie die jaar geloop het nie. Ons is dus weer terug na die Krokodilrivier. Hier is Berg-Koos (Koos Lottering) met sy twee seuns ook 'n tydjie by ons gewees. Hy is uit Damara-land gekom - 'n jagter wat so rondgeswerwe het.

3.

Die wa het net twee lere gehad, oorgetrek met velle om hulle teen reëns te beskerm. By die Brakriet se loop is hy weg van ons af maar sy oudste seun het weer weggeloop terug na ons toe, waar hy 'n paar dae by B. Prinsloo gebly het. Ou Koos het horn egter met die perd kom haal en aangejaag terug na sy wa toe. Hier is ook 'n aantal ou jagters by ons gekom, Andries Nel en Hendrik Greeff (Generaal de la Rey se Skoonvader) Ook die kommissie Jan Greyling, Frans en Jozef Robbertse wat na Damaraland was, wat by die n'Gamie-meer omgedraai het, is hier by ons gekom op pad terug na Zwartruggens.

In Desember is ons toe by die Krokodilrivier aangekom by die Ou Wegdraai. Daar het ons gebly tot in Januarie 1876. Gert Kruger, A. Pretorius en C. van Wyk, 'n jongkêrel, het hier gaan jag. Die twee laastes is naderhand agtergebly onder die jag agter kamele. G. Kruger se baadjie is so stukkend geskeur deur die takke dat al sy patrone verloor het. Eindelik het die geweer ook vasgehaak en die skoot afgegaan waardeur die perd deur die ore geskiet is. Oom Gert was derhalwe ook verplig om sonder ammunisie terug te keer met leë hande. By 'n volgende geleentheid het 'n ander geselskap gaan olifante jag. 'n Kleintjie is gevang en saamgeneem. Op 'n gesamentlike afspraakplek is Marthinus Schutte op die vlug gegaan al om 'n miershoop, agtervolg deur die olifantjie - natuurlik tot groot vermaak van die ander jagters. Hulle is later nog 'n keer op 'n olifantjag uit.

Con Marthinus was weer in die moeilikheid met 'n poenskop olifant wat horn gejaag het. Oom Andries het geweier op versoek van Oom Barend om tussenbeide te jae met die woorde: Dis jou swaer, nie myne nie. Oom Barend was derhalwe verplig self tussen in te jae met die gevolg dat die olifant horn weer agtervolg het, maar gou die saak opgegee het. Oom Marthinus het gevolglik besluit horn nie weer te waag aan die gevaarlike onderneming nie.

Vandaar is ons toe na Buffeldrif waar Matlabasspruit in die Krokodilrivier loop, en verder tot kort onderkant waar Notowanie in Krokodilrivier loop. Hier het vier gevalle van koors voorgekom, dit was in April. Een van die vier is na 'n lang siekbed dood. Die ander is egter spoedig weer herstel.

Ons is die rivier hier weer deur na ons eers 'n drif gemaak en krale aan die oostekant van die rivier. Onderwyl ons besig was met takke kap is een van ons perde die rivier in met die kniehalter en versuip. Vier man, Hans Grobbelaar, Casper van Wyk, Andries Pretorius en Willem du Plessis is vandaar terug naar Rustenburg om koring en meel te handel. Die laaste een is tegelykertyd ook gekom om te trou. Piet Kruger en Sarel Venter van Magaliesberg het daar met 'n kar kom kuier vir hulle familie wat onder die trekkers was. Die vier man wat gaan kos handel het en nog drie ander, Jan du Plessis, Hendrik en Robert van Rensburg is hier ook weer bygekom. Die eerste van die drie het kom kuier en die ander twee om te skiet.

Hiervandaan is 'n geselskap weer weg na Gholrivier om kamele te skiet. Casper van Wyk is hier deur 'n leeu stormgeloop. Hy het op die perd gesit en geskreeu om hulp. Gevolglik het die leeu voor die perd bly staan. G. Kruger het die geskreeu gehoor en storm gejaag op die geluid af. By die hoor van perdepote het die leeu net 'n brul gegee en die hasepad gekies. Hier is die trek vir eers opgebreek. Vier huisgesinne is langs die rivier af en die ander is na Matlabas se vleie toe. Hiervandaan is Jan du Plessis terug van sy kuier. Hans Grobbelaar is saam terug - hy het afgesien van sy trekplan. Ons het hiervandaan weer oorgetrek na Krokodilrivier. Hiervandaan het Andries Pretorius en Tjaart van der Walt ook omgedraai terug na Magaliesberg toe want hulle het ook afgesien van hulle trekplanne. Verder is ons tot waar Marico in die Krokodilrivier loop, waar Oom Jan H. du Plessis dood is aan die koors.

Hier is weer vyf huisgesinne uit Waterberg by ons gekom:

Ph. van der Walt
H. van der Walt
Paul Venter

S. de Klerk
W.A. de Klerk

Daarna ook nog vier andere:

Willem Knoetze
Antonie Knoetze

Willem Pretorius
Pieter Jacobs

Dit was onbekend van welke distrik hulle was.

Hier is weer 'n vergadering gehou om leiers te kies nadat 'n groot trek weer'bygekom het, bestaande uit:

Jan Jordaan Snr	Ph. A. Opperman Snr
Pieter Jordaan	Ch. E. Oppermns
E. Jordaan	Ph.A. Opperman Jnr
Jan Jordasn Jnr	Christiaan Oppermen
Cornelis Maritz	M. Oppermns
Willem de Lange	J. Oppermns
Gert Meyer	H. Opperman
Johannes Meyer	S. Janse van Vuuren
Jacobus Meyer	Pieter van der Merwe
E.J. Meyer	Lucas van der Merwe
Cornelis M. Erasmus	Ph. Schutte
D.J. Erasmus	P. Janse van Vuuren
Chr. Erasmus	Hendrik Prinsloo
Pieter Erasmus	J. Prinsloo
P.E. Labuschagne	Barend Prinsloo
J.A. du Plessis	Belthazar Prinsloo
Jacobus Prinsloo	Joh. van der Berg
George Prinsloo	Andries Pick Snr
Willem van der Berg	Andries Pick Jnr
J.J. Hamman	Willem Booysen
M. van Staden	Willem Riekert

Hulle is almal uit die Distrik van Pretoria.

Die volgende is uit Distrik Rustenburg:

Jan Gregling	Andries S. du Plessis
Piet Greyling	Jan H. du Plessis

Distrik Potchefstroom:

Steph. P. Janse van Vuuren	Petrus du Preez
John Janse van Vuuren	Gert du Preez
Daniel C. de Beer	Pieter de Bruin
Gert Koekemoer	

Distrik Heidelberg:

Chr. E. Labuschagne	Lucas Janse van Rensburg
Jan Labuschagne	

Op die vergadering is die volgende gekies:

Kommandant - Jan Greyling
 Veldkornet - L.M. du Plessis
 Assistent Veldkornet - Gert Meyer
 Landdros - George D. Prinsloo

Hier is ook die trekregulasies opgetrek. Hiervandaan is ons na Olifantsdrif waar ons ook een môre 'n leeu doodgeskiet het.

Op Olifantsdrif is twee kinders van H. van Wyk en van S. Grobbelaar en een **van Ph. du Plessis dood**. Nog 'n klein entjie verder **is nog drie kinders dood** - een van S. Kruger, een van P. van Vuuren en een van **Wyle Jan H. du Plessis**. Weer verder het ons kerk gehad **deur die Gereformeerde Predikant**, as. L.J. du Plessis van **Rustenburg**. Daar het ons die Heilige Avondmaal gevier en die **doop**, daar het 22 die belydenis des geloof afgelê. Verder is daar ook 'n Kerkraad gekies. As Ouderlinge: J. **Hamman**, P. du Preez en P. Jordaan
As Diakens: S. Kruger, E. Jordaan en G. Kruger.

Daar is ook **drie mense dood**, A. Pick Snr. en twee kinders van L. van Rensburg.

Daarvandaan het ons **getrek tot aan die Hoëwal**. Daar is ons weer die rivier deur na die westekant. Daar het wyle Jan H. du Plessis se vrou omgedraai na Zoutpansdrift. Daar is ook 'n seekoei geskiet. **Ons** het toe weer getrek tot op gruisdraai, daar het ons weer drie **leeus** geskiet. Oom Gert Kruger het een **môre** met die perd gery om te gaan skiet. Hy was nog nie ver van die laer af toe het daar twee **leeus** hom voorgelê, een het horn toe bo van die perd afgespring. Die perd het die loop **geneem** en is agtervolg deur die **leeus**, maar gelukkig het **dié** tussen 'n klomp beeste gehardloop, daar het die **leeus** een bees gevang. Van daar is drie mans na die Kafferkaptein Zegieli en Linswe om die pad regdeur te kry na Rietfontein - L.M. du Plessis, J. Prinsloo en J. van Niekerk.

Daarvandaan het ons toe oorgetrek tot aan Notowanie. Met die vertrek van die waens het oom Prinsloo voor J. Greyling gery daarom was Greyling kwaad vir Oom Prinsloo - toe het hy 'n groot lawaai opgeskop. Toe die laers weer by Notowanie gekom het, het J. Greyling **bedank** as Kommandant. Hulle het hom toe beboet met **75 daalders**.

Toe het ons weer as Kommandant gekies L.M. du Plessis en as veldkornet G. Meyer en as Assistent-Veldkornet G. du Preez. Daarvandaan het ons weer **langs** die rivier opgetrek tot regoor waar Marico in die Krokodilrivier in loop. Daar is een kind van M. van Staden **dood** aan gif. In Januarie **1877** is ons weer oor tot aan die **Krokodilrivier**. Daar is twee paartjies ge-

troude - M. de Beer met C. Greyling en Paul Greyling met C. Venter. Daar was weer kerk bedien deur Ds. J. Lion Cachet. Daar het 'n klompie mense belydenis :&es geloof afgelê.

Daar was toe koors onder die mense, daar het weer vier nuwe huisgesinne by ons gekom; twee uit die distrik Rustenburg nl. H. Havenga en P. van Loggerenberg en twee uit die distrik Zeerust nl. J. Swart en G.. Engelbreg.

In April het ons weer langs die rivier af - met ons aftrek het weer 'n klomp trekmense bygekom - uit die distrik Rustenburg:

J. Bekker	G. Snyman
L. Snyman	F. Smit
F. Eloff Snr	F. Eloff Jnr
N. Grobbelaar	H. du Toit
G. du Toit Snr	W. du Toit
G. du Toit Jnr	C. Bothma
P. Bothma	L.H. van Aswegen
G. Koppenhage	Ph. van Vuuren
J. de Bruta	

Met die aftrek verder is daar drie mense dood - tussen Gruisdraai en Zeekoeiwater D. du Plessis (B.S. seun); by Notowanie Susanna Opperman (vrou van A. Opperman) en by die wegdraai 'n kind van P. van Loggerenberg.

Van die rivier af by die eerste uitspanplek by twee panne is vier mense dood - J. Meyer en sy vrou G. Meyer (geb. Erasmus); J. Havenga (gebore Grobbelaar) die vrou van H. Havenga; en J. du Plessis (B.S. seun) Verder tot by Mogalapsie is twee mense dood; J. Jordaan Jnr. en G. Opperman (J seun). Langs Mogalapsie is een kind van L.M. du Plessis dood en ook M. Prinsloo, vrou van B. Prinsloo en een kind van F. Smit. Met ons optrek het die Kafferkaptein Gama, die-Sendeling en Raadslede na die laer gestuur om die mense aan te sê dat hy ontevrede was omdat hulle daarlangs trek. Hy het hulle ook gewaarsku dat hulle nie almal tesame die dors moet ingaan nie. Toe het die manne 'n groot agterdog op horn gehad. Daar was ook 'n storie in die laer dat Gama die mense wil uitmekaar hê om hulle dood te slaan. Dit was gladnie so nie, hy het ons later meer vriendskap bewys as vyandskap.

Nog verder op langs die rivier het twee man G. Smit en

8.

P. Jacobs, wat **in die** begin van die jaar die dorsland deurgegaan het, by **ons** gekom. Hulle moes omdraai omdat die Kafferkaptein **Mariema** hulle nie **wou** toelaat om deur te trek na Rietfontein waar **die voerpunt** van die trekboere was. Hulle het die dors **heen** en weer **goed deurgekom**. Met hulle terugkoms **aan** die Meersrivier is M. Smit (gebore van der Merwe) vrou van G. Smit **aan** die koors dood. Daar het toe twee **handelaars** 'n **taamlike** oproer in die laer gemaak deur 'n paar skote te **skiet** taamlik **laat** in die **aand**. Daar het gou 'n klompie mans gewapen gegaan om te sien wat **dit** was, daar het **berig** teruggekom dat hulle **dronk** was. Ons het toe van Mogalapsie oorgetrek na Leclauce. Daar het ons Sondag oorgestaan. Dit was die laaste water voordat ons die dors **intrek**. Sondagaand was daar 'n vergadering om **planne** te maak om die dors deur te kom. Die vergadering is geopen deur die voorsitter deur te sê die tyd is kostelik en goeie raad is duur. G. Smit het 'n voorstel gemaak as volg: dat daar 'n paar ligte waens met goeie osse met kos en water genokg, en 'n klompie **jongkêrels** met perde om die putte oop te maak en ook nog **ander** putte te maak want daar is nie water vir die laer nie.

Daarop het J. Greyling **gesê** ek gaan vannag trek en die wat saam met my trek, sal nie dors kry nie. Dit is nou tyd dat elke man op die **platte** van **sy** eie voete moet staan. 'n Ander een het **gesê** ek wil nie op **Jan** Greyling se modder trek nie. 'n Ander een het **gesê** as Jan Greyling osse het, ek het ook osse. Die laaste was L. Snyman - hy het **gesê**: "my veertien swartbont osse moet twee bokwaens die dors deurtrek. Al die mense wat vir Jan Greyling gevolg het die nag en die volgende dag het die dors die swaarste deur **te staan** gehad. Al die waens wat in die dors bly staan het was die volgelinge van Jan Greyling. Daar was van homself ook een by.

G. du Toit moes vier span osse koop om die ses waens weg te kry. F. Eloff moes een van **sy** waens verruil voor 'n span osse om **sy** wa en die van **sy** **seun** oor weg te kry. Jan H. du Plessis moes tien osse koop om **sy** wa oor die weg te kry. G. Kruger, Ph. du Plessis en ek met 'n kaffer van L.M. du Plessis, Reuter was sy naam, **Maandagnôre** met ongeveer 300 beeste die dors ingetrek. Ons het nog **dieselfde** middag die volgelinge van

Jan Greyling se waens gevang. Ons het **Dinsdagnôre** by Jan Greyling se waens gekom. Die dag en die volgende dag het ons in die nabyheid van sy waeas gebly. Dieselfde nag het Jan Greyling en **L. Snyman** en G. Engelbreg met die perde vooruit gegaan tot by die eerste put **aan** die Inkowaan.

Ons is **Woensdagnôre** net toe die dag breek van Jan Greyling se waens af vooruit. Ons het nog voor twaalfuur drie mans ontmoet, toe **sê** hulle die **beste** is om liewer omdraai want daar **is** nie water nie. Ons het toe omgedraai tot by Jan Greyling se waens., Toe ons daar kom was H. van der Walt en J. Jordaan en nog 'n paar ander met hulle beeste net daar. Volgens die storie wat in die laer was **sê** hulle toe dit is onmoontlik om om te draai want die kaffers sal ons van die water af hou of ons algar **doodmaak want** die mense is nou alger al die dors in. Daar was toe ongeveer 3000 beeste naby **mekaar**. Hier en daar hoor jy net beeste bulk. Ons het op die plek gebly tot naby sononder. **Hulle** het daar in 'n ou pan gegrawe, hulle het **ge-**
meen dat daar miskien water was. Vandaar het G. Kruger vooruit gegaan tot by die put om vir ons drinkwater te soek, maar daar was nie water nie. So by sononder het ons toe weer getrek. Voor **dit** donker was, was al die beeste in een troep - dit was vir ons onmoontlik om hulle van mekaar te hou. Ons het toe maar met die swak beeste en kalwers maar die nag by Greyling se waens gebly. Die ander beeste het toe **pad-**
langs vorentoe gehardloop. Volgens berig van Oom Gert het die voorste beeste omtrent middernag **aan** die Inkowaan gekom. Die **môre voor** sonop het ons die perde die tooms op die nek vasgeknoop en gelos en te voet aangejaag. Die perde het altyd verder vooruit gegaan, **sodat** ons hulle naderhand nie meer kon sien nie, maar hulle het pad gehou. Ons het die perde gelos omdat ons moeg was vir hulle want ons sit al drie dae en nagte op die seals. Oom Gert het vir Barend **gesê** hy moet die perde **kyk** want hy het die beeste van die put af weg gekeer. **Donderdagnôre** omtrent agtuur het ons daar gekom. Toe ons op die **kant** van die pan kom, sien ons net 'n gewoel van mens en beeste. Want die mense was net besig om uit te span toe is daar waens **leeggemaak** om vrouens en kinders te red want die osse was gedaan, hulle kon nie al die waens verder trek nie.

Nou moet daar **van twee** tot **vyf families** in een wa om hulle van die **dors** te red, **dan** moet hulle nog **beurt** maak **om** ente te loop. Toe ons by die **put** kom het ons gevra of **ons** perde daar gekom het, toe **sê** Oom Gert **ja Barend** is by die perde. Ek het self ook in die put **geklim** om te **kyk** of daar water was maar daar was niks nie. Toe **ons** wou **ry** toe was **Barend** weg met die perde. **Daarna** het die waens vertrek en ons moes maar met die voet **saam** met die waens trek. Dieselfde **aand** het ons by die wa van G. Prinsloo gekom. Daar het Oom Gert gevra of ek nie op die wa van Prinsloo klim en **saamry** nie, toe **sê** Prinsloo ja ek **kan** maar **saam ry**. Ek het toe die nag op die wa gery. Die osse was **Vrydagmôre** so moeg dat hulle die wa nie meer kon trek nie, toe het ons uitgespan **dat** die osse 'n bietjie **rus**. **Kort** nadat ons uitgespan het, het **Barend** weer met die perde bgekom. Ek het gemeen dit is beter om met die wa te **ry** als met die **perd** daarom het ek op die wa gebly **ry**. Ek het daar **rondgeloop** - suurduweweltjies 'n soort bossie wat in die **sandveld** groei, en komkommers gesoek en **geëet** maar alles wou niks help nie. Ek het **naderhand** kruit in my mond gevat maar wou ook nog niks help nie. Dit het te lank **geduur** voordat hulle **inspan** daarom het ek toe maar in die pad gespring voorwaarts. Ek het 'n **hele ent** geloop, daar het ek 'n gesing gehoor - dit was van die vrouens en kinders, dit was Psalm 77:1 wat hulle gesing het. Die mans was **alger** vooruit na die Haakdoornpan, wat ons toe genoem het Modderpan, want daar was nie water nie maar net modder. Die vrouens en kinders wat ek gehoor sing het, was die van Smit en **twee Snyman**. Hulle soon **vader J. Bekker** was ook by hulle waens. Maar toe ek naby die wa kom toe **hoor** ek net weer 'n gehuil van vrouens en kinders, die was 'n klein entjie links van die pad. Ek het so dors gehad dat ek sommer by die wa verbygegaan het. Nog 'n ent verder sien ek nog vier waens, een was links en drie regs van die pad. Dit was die waens van **S. van Vuuren, A. du Plessis, J. Greyling** en **P. Greyling**. **Ek** wou by die waens ook verby maar toe roep die vrou van S. van Vuuren my. Sy het my 'n koppie water en 'n halwe boerebeskuit om te eet. Dit het baie lekker gewees want ek het Woensdagaand die laaste **maal** geëet en gedrink tot Vrydag omtrent twaalfuur. Daar het ek 'n bietjie gerus. Dit is daar op die plek waar **Jan Greyling** nie meer op die platte van

sy voete kon **staan** nie, **maar** plat in die sand geval het en **gesê** het nou is my moed verlore. **Sy** vrou **Tant** Betta het toe **gesê** jy'kan nie nou 80 **sê** nie, **jy** het ons hier ingebring, **jy** moet sorg dat **ons** weer hier uitkom. Die mans was ook alger vooruit na die pan toe. **Ek** het toe maar weer pad gevat en kort **agter** my het hulle vrouens en kinders ook in die pad geval voorwaarts. Die eerste een wat **ek** ontmoet hat was **J. Snyman** met twee **kanne** vol modder voor op die **perd**. **Ek** het horn toe 'n bietjie water gevra toe **sê** hy ou broer **dit** is nie water nie **dit is** modder. **Hy** keer die kan om, toe sien ek daar **kom** net modder uit. **Hy** **sê** toe ons is alger dood van die dors.

Verder het ek weer G. Engelbreg ontmoet, hy wou Brandewyn gebruik in **plaats** van water en daardeur het sy broek en skoene in die **modder** agtergebly. **Hy** het net met sy hemp en onderbaadjie vol modder daaruit gekom. Toe ek by die pan kom, sien ek die hele pan is vol beste wat besig was om nodder te eet en mense om die pan. Daar is baie beste later dood van die **modder** wat hulle in die pan **geëet** het. Die eerste man wat ek by die pan ontmoet het, was **M. de Beer**. Hulle was besig om aan die kant van die nodder klein gate te grawe waar die dikke modder water kan gedrink word. **Ek** moes toe maar self ook grawe en drink. Op dieselfde **plek** by die pan het ek weer my maats met die perde **geontmoet**.

Dieselfde middag is hulle met nog **ander** vooruit met die perde. Hulle het kanne saamgevat om vir ons water terug te bring van **Clakane**. Die mense is weer met die **osse** terug na die **waens** toe om verder te trek. Oom Gert het my toe **gesê** ek moet daar bly en met die waens saamkom. **Hy** was bang dat ek weer sal siek word **aan** die koors want ek was maar net op ge-wees van die koors toe ons die dors ingetrek het. Die eerste nag wat ons op **Clakane** was het ek weer die koors gekry. Net met **sonder** het die waens by die **modderpan** gekom. **Ek** het toe op die wa van S. van Vuuren geklim. Ons het die nag maar net eenmaal die agterosse uitgespan. Maar die pad wasgelukkig nie baie swaar nie. **Saterdagmôre** net met dagbreek het ons in die laagte gekom waar die putte was. Daar het die mense met die water by ons gekom. Ons het die **môre** net met sonop by die

putte gekom. Die putte op **Clakane** was vir ons net soos **Elim** vir Israel gewees het. **Aan** die regterkant was 'n sandheuvel, daar was ook groot **wilde** palmbome op die heuwel. Dit was vir ons 'n groot blydschap om weer water **te** drink, daar ons toe al vyf dae en **vyf nagte sonder** water was in die trek. Net jammer dat daar nie genoeg water was vir ons vee nie, want party van die putte was toegeval, daar was net drie putte wat water gehad het. Die mans het spoedig net so gou als hulle kon een span van die **beste** osse gevat en dit **voor** die wa van Piet Greyling **gespan**. Hulle het al hulle vate en **kanne** vol water terug gestuur vir die **ander** mease wat nog agter in groter gevaar was als **ons**. Dit was sewe families bymekaar, die mans van die families was almal met hulle osse **na** die water toe, so het die vroues en kinders alleen by die twee waens, toe het die mans die wa met die water op gekry. Hulle toe die osse gaan water gee by die putte en omgedraai en toe het hulle die waens gaan **haal** waar die vrouens en kinders alleen by die twee waens was waar hulle toe weer vol moed'was want die water wa was toe al daar gewees. Maar voordat die wa met die water daar gekom het, het die vrouens 'n skaap keel afgesny en die bloed gedrink, die pensmiswater het hulle ook uitgedruk en gedrink. Letta Riekert bet op pad by Vader se wa gekom waarmee hulle ook uitgevlug het om water te soek, dit was **Letta** Riekert en haar ongetroude suster en drie kinders. Hulle was **te** voet, haar man was met hulle osse vooruit na die water toe, hulle moes die jongste kind maar die hele pad dra, die tweede jongste moes hulle ook nog **ente** dra want hulle was te swak, hulle het gou moeg geword. Moeder het toe vir hulle water en brood gegee. Letta het toe gevra of haar kinders nie op die wa kan **ry** nie; die waens was so vol dat party van ons kinders self moes loop en op perde **ry**, toe kan ons hulle nie alger oplaai nie **maar** die kleinstes het toe **opge**-klim en **gery** tot waar die wa uitgespan het. Hulle het toe van die uitspanplek af weer met die voet geloop. Ons het vir hulle nog water gegee om te drink op aie **pad**. Die volgende **môre** het sy by die water by haar man gekom. Sy het omtrent een dag en een nag met die voet geloop om water te **kry**. Daar was nog 'n klompie mense wat nog agter hulle was in 'n groter gevaar want hulle was party nog siek **aan** die koors. Hulle het nie kans gesien om

hulle siekes **alleen** agter te laat nie en hulle was omtrent twee dae en 'n nag van **die water** af. Maar gelukkig kom daar 'n Boesman met water. Oom Zagrys de Klerk het toe die water geruil voor **kruit** en **koeëls**. Toe het hulle die water onder hulle gedeel want hulle was 'n hele geselskap bymekaar. Hulle het die Boesman gesoebat om vir hulle die water te **wys** maar hy wou nie, hy het **gesê dat** die Kaptein Gamma horn sal **doodmaak** als hy die water vir hulle **wys**. Hulle het vir horn 'n kan gegee om vir hulle **nog water** te gaan **haal** dan sal hulle dit ook **ruil**. Op die manier het die mense weer **aan** water gekom. Die Boesman het van die wa af reg teen Noord en 'n ent van die wa af het hy weer reg teen suid gedraai. **Maar** Oom Willem de Klerk en T. de Klerk (**Z.soon**) het die Boesman in die verte agtervolg tot die Boesman verdwyn in die bosse. Hulle het toe gaan kyk en ja waarlik daar is die water in 'n **sandsloot**. Die Boesman was besig om die water te suig met 'n riet en dan weer in die kan te spoeg. Hulle het toe die kan water na die waens gebring en spoedig omgedra met grawe om die water oop te grawe. Die water was ongeveer 'n halfuur met die **voet** van die waens. Party van die mense wou nie die Boesman **betaal** vir die water nie, maar Oom Zagrys het **gesê** hy het dit eerlik verdien, hulle moet horn gee wat hulle horn beloof het. L.M. du Flessis en H. Grobbelaar het toe ook van agter af bygekom en die water **mooi** groot oopgemaak sodat hulle 'n rukkie later 'n taamlike groot klomp beeste daar kom water gee het. Op Clakane het Jan Greyling 'n slagtery aangesit om die mense wat sonder kos was te help. Hy het nie **gekyk** wie se beeste hy geslag het nie, hy het maar net van die beste beeste geslag en onder die mense uitgedeel wat sonder kos was. Daar het die Sendeling van Gama af naar die Meer Marem by ons verby gegaan. Hy het toe **van** die Meer af twee vate water teruggestuur tot in die helfte tussen ons en die meer. Dit ^{was} bedoel vir ons mense wat **heen** en **weer** gaan vir drinkwater want hulle moes altyd **beeste** wegbring wat by hulle uitkom. Daar het toe weer agt huisgesinne uit Distrik Rustenburg by ons gekom, dit was:

J.F. Botha
I.J. Grobbelaar
D. Grobbelaar
R.J. du Toit

J.H. Robbertze
H.W. Grobbelaar
W. Visser
Weduwe Johanna Le Grange (geb. Grobbelaar)

Toe ons osse 'n goeie **tyd gerus** het, het die **mense** hulle teruggebring **van** die Meer af en so stadig die waens uit die dors gebring **tót** op Clakane. **Op** Inkowanie is J. **Opperman**, seun van Ph. Opperman **dood**. **Op** Clakane is G. Kruger dood. Hulle is altwee **aan** die koors dood. Van Clakane het ons toe so stadig **aan** deurgetrek tot by die Meer. **Op** Inkowanie het **vyf** waens vergeet agtergebly, een van Jan Greyling, een van P. du Preez, een var. L. **Snyman**, een van Ph. Schutte en een **van** P. van Vuuren. By die **sandput** het twee waens agtergebly; een van A. du Plessis en een van G. Koekemoer. **Op** Clakane het een wa agtergebly, **dit** was die wa van J. de **Bruto**. By die Meer het twee waens agtergebly; een van **C. Labuschagne** en een van H. Havenga.

Net toe ons by die Meer gekom het, is P. Erasmus dood, nog 'n trek verder **langs** die Meer op is 'n kind van L.M. du Plessis **dood**. By Kieria is W.A. du Plessis **dood**. Ons was die **môre** net van plan om weer in te span, toe het W.A. du Plessis gesterf. Ons het toe **die** dag daar gebly en **alles gereed** gemaak om horn die anderdag **môre** te begrawe. Die volgende **môre** voor die begrafnis sien ons drie perderuiters langs die riet afkom. Die **een** was Ph. du Plessis en die ander twee was A. Kruger en P. van der Merwe. Hulle bet toe van Rietfontein af gekom met veertien spanne osse. Ph. du Plessis het toe tot by ons gekom die **ander** twee het by die voorste laer geblg. Daar was nog twee mans wat 'n wa van hulle tussen die Meer en Clakane gestaan het, gekom **haal** het. Dit was P. van der Merwe en P. van Vuuren.

Van Clakane het D. Erasmus met tien man teruggegaan tot by Gama om daar omtrent 600 beeste te gaan **haal** wat die kaffer daar opgevang het en vir hulle 'n boodskap **gestuur** het om hulle beeste te kom **haal**. Jan Greyling het nog op Clakane geweier om vir Lou du Plessis water te gee vir hulle beeste. Hy het ook nog geweier om vir hulle self drinkwater te gee. Een van die ander mans het toe met horn gepraat, toe het hy darem vir hulle drinkwater gegee. **Hulle** het toe self 'n put **gemaak** en nog voor die **aand** het hulle beeste ook drinkwater gehad. Dit was vir Ph. du Plessis baie **treurig** om sy broer en suster daar by die meer te ontmoet, **terwyl** hy net kort voor die begrafnis van sy jongste broer daar gekom het. Twee van sy susters het horn te-

gemoet gekom met **trane** in die ogen, hy sien wel die kis maar wis nie wie **dit** was **wiedoodis** nie; toe sy sustersby hom kom het hy van die perd afgespring en hulle gegroet. Toe hy klaar gegroet het het hy **eers** gehoor dat dit sy jongste broer is wat dood is en nou moet begrawe word. Hy het vir **ons** laer toe maar net twee **span osse** gebring want die voorste laer het meer behoeft aan osse gehad ala **ons**. Tussen Kieria se draai en Sebiton is Barend Havenga (**H.soon**) dood. By Sebiton het ons by die voorste laer gekom. Daarvandaan het ons voorspoedig langs die meer opgetrek. Bokant die Letterbome het ons Moeder siek geword en die siekte het **altyd** erger geword tot naby waar Towane in die Meer inloop. Daar is **ons Moeder** ook dood. Maar voor haar dood het sy oas drie broers vir die **ander** mense gegee: C.J.H. vir H.P.J. van **Wyk**, L.M. du Plessis vir L.M. du Plessis en P.I. vir J.A. du Plessis. Dit was drie van ons Ooms. Dit was bitter swaar om **ons** Moeder in die woestyn af te gee en nog nie eers bymekaar kan **bly** nie. Dit het later ook maande geduur dat ons mekaar nie eers kan sien nie want die laer was partykeer ver uitmekaar. Daar aan die Meer was ook nog 'n plek waar ons in die nag moes trek want daar was gifvlieë, tsetzevlieg, dit het twee **nagte** geduur. Voordat ons die vlieë ingegaan het, het ek weer siek gewora. Daar waar ons die dag oorgebly het, het drie perde weggeraak; een van H. van **Wyk** is deur 'n leeu gevang en twee van S. Kruger - die een is dood aan die steek van die vlieë en die twee wat hulle toe gaan soek het, is ook altwee dood **aan** die steek van die vlieë, een van my en van my stiefbroer, S. Kruger. Daarvandaan het ons toe getrek by Maram se stad verby tot waar die pad van die Meer af wegdraai naar Rietfontein. Elf huisgesinne is toe saam met die drie man wat vir ons die **osse** gebring het. Ons het toe om die Meer getrek naar die Okavango. Daar is Jan Greyling weer gekies als **leier** van die trek. Net waar ons aan die rivier gekom het is 'n kind van S. Grobbelaar dood. Nog 'n paar trekke verder langs die rivier op is weer vier mense dood; dit was P. Venter, L. Snyman, F. Grobbelaar (**oujongkêrel**) en C. Coppenhage (gebore Van Aswegen, **vrou** van G. Coppenhagen). Nog 'n trek verder is nog weer vier mense dood; dit was S. van Vuuren, 'n doofstom dogter van N. Gsobbelaar, an twee kinders van Paul

Greyling.

Ons kon nie verder langs die rivier op nie want die gifvlieë het ons afgekeer, dit was te erg. Ons het toe daar moes bly die laaste van Oktober. Dit het toe gereën toe kon ons trek want toe was die panne vol water. Marem die kafferkaptein het daar vir Jan Greyling die oorlog aangesê oor 'n rusie wat hulle nog in 1875 gehad bet oor olifantstande. Maar hy het dit toe nie gewaag om te veg nie, op 'n raaisel wat 'n handelaar, John Stromboom, horn gegee het. Dit was die raaisel: jy moet nie net hier voor jou kyk nie, maar ook ver voor en ver agter jou. Hy kon dit nie eers verstaan nie maar toe het hy die kaffer geroep, toe het hulle vir horn gesê jy moet kyk hoeveel mense is al op Rietfontein en hoeveel is hier en jy weet nie hoeveel kom nog agter aan nie. Tot bewys dat hy die oorlog terug, het hy 'n bloubont poenskop os gestuur met twee Berollong kaffers. Piet en Stefanus-hulle bly daar by horn, dit is sy tolke. Toe die os daar kom was hy kruppel in sy een voorpoot. Jan Greyling het toe gevra wat makeer die os. Hulle sê toe hulle het die os met die perde gejaag, toe het hy in 'n gat getrap, en daarom is hy kruppel.

Die Kaffers bet gesê Jan Greyling moet die os nog dieselfde aand slag maar hy het dit nie gedoen nie. Die volgende môre toe lê die os dood maar niemand het aan die os gevat of gesny n i e .

Dieselfde middag bet ons van die rivier af getrek. 'n Paar trekke van die rivier af is die laer verdeel in vier klompe. Van die rivier af is J. Bekker terug tot by die Meer by die handelaars op pad terug Transvaal toe. Daar aan die Meer is hy toe ook dood, hy was wewenaar. Jan Greyling met 'n klompie mense was ook verplig om weer om te draai tot by die rivier omdat hulle nie kon water kry nie. Daarvandaan het toe weer vier huisgesinne omgedraai om terug te trek naar Transvaal. Dit was G. Snyman, G. Engelbreg, H. Havenga, P. Jacobs. Hulle is toe weer terug Transvaal toe. Maar G. Snyman is ook by die Meer dood. Jan Greyling hulle het weer agter die ander aan getrek wat saam met hulle getrek het wat daar weggedraai het. Vier huisgesinne het regdeur getrek naar Samkoei. Dit was J. Prinsloo, B. Prinsloo, P. Venter en M. Schutte. Daar het Willem

Prinsloo gaan skiet en **volgens** die spore was hy afgesaal en het teen 'n boom **gegaan** sit. Daar het die Boesmans hom **bekruip** en geskiet met 'n **pyl** of gesteeek met 'n assegaai. Daarvandaan het hy 'n **ent** gebardloop en agtervolg deur die Boesmans tot waar hy onder 'n bos ingekruip het. Die **perd** het ook 'n **steek gekry** met 'n assegaai, hy het die riem gebreek en weggehardloop na die waens toe. Die mense het dadelik gesien dat daar iets **verkeerd** was, toe het hulle die **perd** se spore terug gevat, die eerste **het** hulle toe die saal gekry en nog verder op die spore waar hy en die Boesmans **langs** gehardloop het. Hulle het toe **sy** lyk gekry waar hy onder die bos ingekruip was. Hulle het die Boesmans agtervolg maar **hoe jammer** hulle het die Boesmans nie gekry nie.

Van die **laer** van Gert Meyer **weet** ek nie veel van nie. By die laer van Jan **Greyling** is Joh. Havenga (H. soon) dood aan gifappels wat hy in die sandveld **geëet** het. Dit is dieselfde gif wat ook in Transvaal bekend is soos ook in Magaliesberg en Waterberg, maar in die sandveld dra die gif 'n appel. Hy en Izak Grobbelaar het gaan skiet met die perde, hulle het die appels in die veld gekry en hy **het** toe van sy perd afgeklim en van die appels afgepluk. Izak Grobbelaar het horn gewaarsku maar hy wou nie boor nie en hy het toe **daarvan geëet**. Die-selwde middag het die gif horn siek gemaak op pad naar die laer. Maar hulle kon nie die laer bereik nie, toe was hy so baie siek dat hulle afgeklim het van die perde en Izak het die perde gekniehalter en vir Joh. onder die skadu van 'n boom ingebring en by horn gebly. Die **aand agter** sononder het Izak 'n wa gehoor ry, hy het dadelik die **een** perd vasgemaak en die **ander** een opgesaal en die wa voorgejaag en hulle gevra om vir Joh. na die laer te bring. Dit was Jan du Plessis en Piet Labuschagne en **Corneels** Labuschagne wat van Oom Gert Meyer se laer af gegaan het om te gaan **skiet**. Hulle het dadelik hulle liefde 'getoon en horn gaan oplaai en weggebring naar die laer. Maar hy is nog dieselfde nag dood. Ons was toe onder die laer van Oom Gert du Preez op die eerste plek waar ons 'n week gestaan het. Nadat ons van die rivier af is het **weer** 'n huisgesin by ons gekom, dit was **Willem** van der Merwe, hy kom toe uit die Transvaal. Hulle was baie bly om ons te ontmoet dat hulle ons gegroet het met ge-

weerskote. Nog 'n trek verder by 'n pan het ons laer gestaan. Ons moes toe ons **beeste** ver van die waens water gee het, Ons was ses jong seuns en Oom Hendrik van Wyk wat die beeste moss gaan water gee het. Ek het **ons** beeste gaan keer, toe ek 'n paar honderd tree van **die ander** weg was, **hoor** ek net beeste **brul**. Ek dag dat dit miskien die ander beeste was wat **daar** by kom. Dit was toe 'n buffel wat **ook na** die water toe gekom het. Toe Oom Hendrik hulle die buffel sien het oom Hendrik **gesê** hy sal die buffel skiet maar **als die** skoot slaan dan moet ons net **soos vlermuise** in die borne hang. Toe die skoot slaan het Oom Hendrik die geweer weggegooi en in die boom **geklim** met nog vier van die seuns. **Hy** het die buffel nie **goed** geskiet nie maar die honde het die buffel goea gekeer. Theuns de Klerk was **alleen** op die **grond** maar ongelukkig was **sy** geweer met 'n skoot hael gelaai. Hy het toe Oom Hendrik se kruithoorn en bandolier gevra en Oom Hendrik se geweer gelaai en die buffel toe daarmee doodgeskiet. Toe ek daar by kom het hulle al die buffel oopgesny en begin te braai. , bns het toe gebraai en lekker geëet en weer terug waens toe. Toe het Oom Hendrik en Theuns de Klerk die buffel gaan haal met 'n slee. Ons het verder getrek tot waar ons weer by Datelknoppe **aan** die rivier gekom het. Maar weer een nag deur 'n streek trek waar **gifvlieë** is. 'n Trek verder het Z. de Klerk, R. du **Toit** en J. Opperman twee seekoeie in die nag geskiet. Nog twee trekke verder was ons verplig om die rivier te verlaat want die **gifvlieë** was te erg. Ons moes **daar** ook weer 'n nag trek om van die rivier af weg te kom. Nog 'n trek verder het ons weer by 'n groot pan gekom. Ons het horn die naam gegee Kommissiepan. Die mense het toe met 'n paar waens gegaan om te skiet. Hulle het ook die gifappels **gekry** en daarvan geëet, hulle was tien mans bymekaar. **Vier van** hulle het siek geword van die appels. Dit was C.E. Oppermsn, J. Oppermsn, J. Prinsloo en A. du Plessis. Drie van hulle het weer gesond geword maar A. au Plessis is **daaraan** dood. Daar het Jan Greyling se laer weer by ons gekom. **Daar** is die laer weer verdeel en Oom Gert du Preez en twee-en-twintig ander is toe met hulle families verder. Voor hulle weer by die rivier gekom het, is daar weer twee mense **aan** die gifappels **dood**, dit was Jan H. du Plessis en Martha van Loggerenberg (gebore Havenga) vrou van P. van Loggerenberg.

Van die **drie-en-twintig** huisgesinne het 13 weer later op **Soenannadom** weer by **ons** gekom. Van hulle is voordat hulle by ons gekom het, **weer drie** mense **dood**. Dit was P. Bothma, R. van Aswegen (H. **soon**) en L. de Klerk (Z. soon) Die **ander** tien huisgesinne het **aan** die rivier gebly. Van **Kommissiepan** af het **ons** toe getrek tot by Shadom, dit was 'n groot laagte. Tussen Kommissiepan en Shadom het **Willem** Booysen verdwaal, hy het die derde dag se **aand** weer by die laer gekom. Daar het 'n **elandbul** 'n perd van J. **Snyman** gestoot. In Januarie **1878** het die olifant C. van aer Walt onderstebo geloop en horn **opsy** heup getrap soat **hy** in **1884** nog kruppel was. Sy perd het veilig daar afgekom, hy was nog so fris dat hy nog by die perd kon kom om terug te gaan na die laer

Waar ons **aan** Shadom gekom het is 'n kind van Piet Greyling **dood** **aan** die koors. Daar het Oom **Gert** Meyer se laer weer by ons gekom. **Daarvandaan** het die twee laers langs Shadom af getrek tot waar **Soenannadom** in Shadom inkom. Toe het ons weer langs **Soenannedom** opgetrek. Waar ons die laagte verlaat het, is J. Smit (F. soon) **dood**. Ons het Suid-oos van die laagte afgetrek tot **aan** die **noordekant** van Koeras. Die eerste trek van die laagte af is Martha Prinsloo (gebore Hamman) vrou van G. Prinsloo, dood. By die sewestam kremetartboom is H.L.E. Venter (gebore du Plessis) vrou van wyle P. Venter, dood, Gert du Toit Snr en sy jongste dogter E. du Toit; drie kinders van C.A. Bothma; W. Visser en sy vrou Jac. Visser (geb. Grobbelaar). Op Samkoei is J. Prinsloo en sy vrou Martha Prinsloo en haar moeder P. Prinsloo en **sy seun** J. Prinsloo; Gert Meyer J.E. Meyer, B. Prinsloo dood. Op die staanplek noord van Koeras is dood: H. van Aswegen, J. van Vuuren (geb. van Aswegen) vrou van Ph. van Vuuren, H.P.J. van **Wyk** (H. soon), S.J. Kruger, 'n weeskind uit Transvaal, C.E. Opperman en Cat. Opperman (geb. van der Schyff).

Rietfontein **1877** is dood: A. van der Merwe (geb. Lindeque); een kind van M. van der Merwe; een kind van Wyle J. Meyer. By Deebra **1878** is **dood**: S.F. Holtzhausen (geb. Minnaar) vrou van R.J. Holtzhausen; Hester Holtzhausen (geb. Roos) vrou van J.A. Holtehausen; J.A. Kruger (J.A. soon); een kind van H. Grobbelaar; twee **kinders** van P. Van Vuuren.

By Koeras het die trekkers van Rietfontein by ons gekom. Daar is baie **van** ons beeste **dood aan** 'n onbekende siekte, ons het dit Maramba siekte genoem. **Hulle** het doodgegaan van Januarie tot April, 'n enkele een miskien later. Daar het ons mense ook 'n paar **leeus** doodgeskiet; die eerste een het 'n **perdevul** gevang, die ander een het J. **Grobbelaar** in die skietveld onder die vleis wat hulle opgehang het doodgeskiet. In Mei het die mense weer begin terugtrek tot **aan** die laagte Soenannadom. **Omtrent** 'n halfuur met die voet **van ons** laer af het J.M. Roets kom staan. Toe het ons ook na horn toe getrek. Die ander is toe ook **alger daarvandaan** vertrek. J. de Bruto se **skoonmoeder** met haar twee **skoonseuns** het horn daar onder 'n boom gelaat bly agterbly met **sy** vrou en een kind, hulle was aldrie siek **aan** die **koors**. Ek en J. Roets het 'n tak gekap en daar 'n vel opgesit, toe het ek hulle daar my **tak** slee gaan **haal**. De Bruto was nog so **swak dat hy** nie eers die **osse** kon keer **solang** als ek die goed op die tak slee gelaai het nie. Ek het horn toe by ons wa gebring. **Hy** het 'n paar dae daar gebly. L.M. du Plessis het **toe vir** de Bruto **daar** kom **haal** want hy was beter in staat om die man te help, **hy** het meer waens gehad. Daar het toe twee huisgesinne omgedraai terug naar Transvaal toe, dit was 3. Pretorius en W. **de Lange**. Met die terugtrek naby die sewestam kremetartboom **het** Jan Robbertze 'n ontmoeting gehad met 'n olifant. Hy het die olifant geskiet, toe het die dier gestorm en geskreeu. Hy wou wegjaag maar die perd wou nie, hy was bang vir die geskreeu. Jan het toe van die perd afgesprong en weggehardloop. Die Olifant het die perd dood gesteek met **sy tande**, maar Jan het die olifant ook doodgeskiet nadat die olifant die perd doodgesteek het. Dit was 'n blou skimmel merrieperd met 'n holrug. By **Samsamkÿ** het J. Roets en S. Kruger vyf olifante doodgeskiet. By Soenannadom is vyf paartjies getroud: J. Snyman met M. van Staden, J. Grobbelaar met H. Snyman, J.C. **Swart** (wewenaar) met T. Smit, G. Smit (wewenaar) met M. **Le** Grange, P. van Loggerenberg (wewenaar) met M. Knoetze. Die mense is **toe weer** met Soenannadom af tot by Shadom, met Shadom af tot by Koudom - daar is W. Knoetze dood. J.A. Kruger en 'n handelaar H. Booyens gaan handel aan die Okawango rivier naby Olifantspan. Voordat hulle nog by die rivier gekom het, het hulle die drie **vrouens** en negentien kinders wat van die tien **huisgesinne** wat **aan** die rivier gebly

nog aan die lewe was, geontmoet. Hulle het toe dadelik planne gemaak vir osse om die arme mense na die laer waar J.A. Kruger in was, te vervoer, want daar was net een os en een koei en vier donkies oorgebly van die hele laer. Die ander diere is alger dood aan die steek van die gifvlieë. J.A. Kruger het toe van Koudom van die laer osse gekry en die mense so vervoer. Aan die rivier is dood van die tien huisgesinne: C.E. Labuschagne en sy vrou S. Labuschagne (geb. du Preez) en twee kinders; J. Labuschagne en sy vrou Maria (geb. van Vuuren) met twee kinders; L. van Rensburg en sy vrou A. van Rensburg (geb. Labuschagne) met een kind; P. de Bruin en sy vrou Ph. de Bruin (geb. Henningse) met twee kinders; G. Koekemoer met drie kinders; A. Knoetze en twee kinders, G. du Preez en sy vrou E. du Preez (gebore van is onbekend) en een kind; P. du Preez en sy vrou Martha du Preez (geb. Van Vuuren) met twee kinders; S.P. van Vuuren en een kind; J. van Vuuren en sy vrou H. van Vuuren (geb. du Preez) met twee kinders. By Koudom het vier huisgesinne omgedraai naar Transvaal. Dit was F. Eloff Snr, F. Eloff Jnr, W. Pretorius, P. van Loggerenberg. Daar was nog twee weduwees M. Knoetze en S. Knoetze, wat saam met die vier families getrek het. Vandaar is N. Grobbelaar saam met 'n handelaar naar Damaraland. Ons het toe van Samsamky naar Soenannadom en verder tot aan Doeseidom - daar het ons regs weggedraai naar Kwasehadom, daarvandaan het ons met twee waens gegaan kos handel. Ons was vyf mans bymekaar; dit was C. du Plessis, H. van Wyk, J. Roets, T. Kruger en D. de Villiers. Toe ons die handelgoed klaar gehandel het, het ons naar die linkerkant toe weggedraai van die kaffers af. J. Roets het 'n ent vooruit gery met die perd toe het hy 'n klompie olifante gekry en het toe twee geskiet. Toe die waens daar gekom het, het ons uitgespan. Toe het C. du Plessis en 'n paar jong boesmans die osse gaan water gee. Die ander het toe daar gebly en van die vleis van die olifante om dit aan die kaffers te verruil vir kos. Toe ek by die water kom sien ek die vyf waens van die tien huisgesinne wat aan die koors uitgesterf het, onder die groot rooibessie borne staan. Toe ek daar by die waens kom toe sien ek nog die bekende volk by die waens, maar die mense wat nog oorgebly het, was toe al weg na die laer van J. Kruger. Toe het die kaffers my vertel in hoe 'n treurige

toestand die mense verkeer **het**, **dat** daar later nie eers 'n man was om die mense te begrawe nie, **dat** die volk dit moes doen. Toe is die volk later ook met een van die vyf waens uit naer die laer toe. Die ander vier waens is toe later verkoop aan die handelaars. Toe is ek weer terug met die osse naer ons waens toe. Toe is ons weer met die vleis naer die kaffers om dit te verhandel, **daarvandaan** is ons terug naer Koudom. Ons het toe die twee waens op Koudom laat staan. J. Roets en P. de Villiers het by die twee waens gebly en ek en die ander het toe teruggegaan om ons ander vier waens by Kwashadom te gaan haal. Ons het **halfpad** geslaap, **ons** het toe van gras vir ons kooi gemaak en by ons voete se kant 'n **vuur gemaak**. Toe het ons gras kooi **aan** aie **brand** geraak maar ons het dit met sand doodgekry. Die **volgende dag** het ons toe by die waens gekom. Die **mense wat** daar agtergebly het, was nog **alger** gesond. **Daarvandaan** is ons toe weer terug na Koudom toe. Daarvandaan is ons toe weer 'n paar trekke langs die laagte opgetrek. Daar **het** toe J. Kruger met nog ander mense by ons gekom en ook die drie **vrouens** en kinders wat oorgebly het van die tien huisgesinne. Daar het ons ook die **berig** gekry van die handelaar Thomas wat die kaffer **aan** die rivier geskiet het. Daarvandaan is J. Kruger met 'n klompie mense naer die groot laer toe. Toe het weer agtien huisgesinne weer terug van Leeupan af **naer** ons toe **aan** Koudom gekom. Waar ons staan het die leeu drie osse gevang. Toe is vyf man die leeus gaan skiet: J. Roets, T. Kruger, W. Riekert, R. du Toit, I. Greyling. Hulle het toe die **eerste** een doodgeskiet en die tweede **en** het toe weer terug langs sy spoor gegaan **lê**. Die boesmans was al **verby**. Net toe die voorste **perd** reg horn kom toe het hy **opgespring** en gebrul en gestorm. Die **perd** het toe geskrik en weggehol, drie van die **ander** het toe ook agterna geja **en** een het toe afgespring en die **perd** gelos. Die **perd** het toe ook agter na gehardloop, toe het die leeu R. du Toit se **perd** ingeloopt met man en al, die **perd** het losgeraak en toe het R. du Toit opgespring en **hom** reggedraai om die leeu te skiet en toe het by en T. Kruger gelyk geskiet. Toe die **skote** slaan het hy net **gesê** skiet Oom Faan, en **opgespring**, gehardloop naer die **perde** toe, **maar** die leeu was gelukkig dood.

Ons het toe daar **gestaan** tot **aan** die end van Oktober, daar is toe weer negentien huisgesinne terug **naar** die Transvaal, H. Prinsloo, J. **Prinsloo**, J. Prinsloo, J. Opperman, M. Opperman, H. Opperman, J. **Jordaan**, P. Jordaan, C. Erasmus, Cr. Erasmus, C. Maritz, J. **Hamman**, J. Meyer, M. Schutte, W. Riekert, J. **Snyman**, vrou van L. **Snyman**, vrou van B. Prinsloo, vrou van E. Meyer

Ons het toe agter die groot laer aangetrek tot **aan** Karakoebie se laagte en is toe met die laagte op naby Karakoebie. **Daarvandaan** is J. Roets en **R. du Toit** met **drie** span osse terug **naar Koudom** om nog vier huisgesinne te gaan **haal** wat nie osse het om oor die weg te kom nie. **Daarvandaan** is ons 79. **Januarie** - **maand** - ons kon nie al die waens **gelyk** vervoer nie, ons moes eers party wegbring, **dan** weer die ander gaan **haal**. Drie trekke van die laagte af het ek koors gekry. Ek was vyftien dae so dat ek nie my wa kon **dryf** nie. In die **tyd** het J. Roets nege en R. du **Toit** een olifante geskiet. Twee trekke van Shentshiebas het H. Grobbelaar verdwaal. Hy het toe die nag in die veld geslaap **en** die volgende dag bet hy weer by die waens gekom. Een trek verder het P. Venter en weduwee H. Opperman by ons gekom. By Shentshiebas het J. **Botha**, J. Steerekamp met vier spanne osse by ons gekom van die groot laer af. Toe kon ons al die waens weer oor die **weg** kry vervoer. By die noord-oostekant van die wit **panne** van Ondawwa is die vier waens met die vars **spanne osse** vooruit. Ons beeste het toe weer begin siek word **aan** die **Omaramba** siekte en die **suid-oostekant** van die wit **panne** het ons by die laer gekom. Twee trekke van die laer af het M. de Beer en J. van der Merwe vir ons osse gebring. Toe die groot laer op Leeupan **staan** het hulle **voormanne** gekies: **Kommandant** - J.F. **Botha** in plek van J. Greyling, als veldkornet G.J.T. van der Merwe, als assistent veldkornet F.J. Grobbelaar. Die laaste twee veldkornet en assistent is reeds oorlede. Daar is ook weer vier huisgesinne van die laer af wat ook later terug is naar die Transvaal: J. Greyling, P. Greyling, G. Coppenhage en **Ph.J. van Vuuren**. '78 is aan die rivier vyf paar getroud: R.J. Holtzhausen (wewenaar met E. van Vuuren (geb. Henningse): **J.A. Holtzhausen** (wewenaar) met E. Erasmus, (geb. Prinsloo); J.J. **du Toit** met H.L.E. du Plessis (geb. van Wyk); C.M. Labuschagne met W. S. Jordaan (geb. Prinsloo) en

J.C. Kruger met H. du Plessis.. Aan die rivier is overleden D. Grobbelaar, L. van Vuuren (T. soon). Overleden met die teruggaan naar die Transvaal : H. Prinsloo, J. Riekert, C. Greyling (geb. Venter) vrou van P. Greyling, B. Greyling (J. soon) overleden aan 'n byt van een leeu. '79 tussen die Okavango en die witpanne is overlede: weduwee J. le Grange (geb. Grobbelaar) en haar jongste dogter. Overlede by die witpanne A. van der Merwe (geb. Schutte), J. Alberts (geb. Bester), A. van der Walt (Ph. soon). Vanwaar ons by die laer gekom het, het ons getrek naar Okokoja.. Daarvandaan is 'n kommissie van tien man naar Kaokoveld: L.M. du Plessis, G. Alberts, P. van der Merwe, P. Labuschagne, H. van Wyk, J. Roets, E. Jordaan, C. Bothma, J. Opperman, W. du Plessis. L. du Plessis het van Otombie weer teruggekom naar die laer toe, die ander nege is verder tot aan die strand, hulle het weer meer regs met een ander pad teruggekom. Daar op Okokoja het C. van der Walt en B. Smit het gaan skiet en het toe vir 'n alwyn gevlug, hulle het gemeen dat dit kaffers was. Hulle was nie bymekaar nie, maar met die vlug het hulle bymekaar gekom, toe vra die een vir die ander of hy die kaffers gesien het - ja, ek is ook op vlug vir hulle. Toe sê Corneels vir Barend ons moet eers goea kyk anders maak ons oproer in die laer. Hulle het nader geloop al agter die bosse sodat hulle goed kon sien, toe sien hulle 'n klomp blouwildebeeste tussen die alwyn en dat dit nie kaffers is nie.

C. Opperman het met 'n handelaar saamgegaan naar Ovamboland toe. Toe hulle in Ovamboland kom het die kaffer gehoor dat hy een van die trekboere is. Toe het hulle gepraat om hom dood te maak. Die handelaar het dit gehoor en het hom toe gewaarsku dat hy moet teruggaan. Toe is hy dadelik weer terug naar die laer toe.

Daar is ook weer twee paar getroud: M.J. van der Merwe met weduwee L.E.P. Kruger (geb. du Plessis); G.D. Prinsloo met weduwee T.F. Holtzhausen. Daarvandaan het ons weer terug getrek naar Palmietpan omdat die water sleg geword het. Daarvandaan is weer agt huisgesinne terug na die Okowakoerivier met 'n handelaar met die naam van Jimmy Harrison om te gaan olifante skiet. Een is toe terug naar die Transvaal toe met

naam D. Erasmus en die **ander** Sewe P. Venter; R. du Toit, W. du Toit, F. de Klerk, W. de Klerk, H. van aerWalt en M. van Staden. Waar hulle in die skietveld was, is ook weer vier paar getroud: **Johannes** van der Merwe met Catharina de Klerk, A. van **der** Walt met A. de Klerk, T. de Klerk met **Johanna van der Walt. P. de** Villiers met C. van der Walt. Op Palmietpan is toe ook weer een paar getroud: W. Kloppers met wed. Grobelaar.

Op Palmietpan het H. van **Vuuren** en Joh. Kruger gaan skiet. Toe dit laat geword het, het Johannes vir Hendrik gesê hy moet maar laer toe gaan, hy wil nog 'n draai ry om te skiet. Toe hy **aan** die westekant van die witpsnne kom, het hy maar regdeur na die oostekant toe **gery**. In die **panne** het dit vir Joh. **donker** geword en op die manier het hy sy perd in die modder vasgery. Hy het toe te voet **gegaan** tot by die laer om hulp te seek. Die mense het nog dieselfae nag die perd uitgesleep. Die perd het seergekry **met die** uitsleep of met die vermoeienis en die perd is toe **dood**. Daar op Palmietpan het ons vier leeus doodgeskiet, die **eerste** leeu het 'n bees gevang, toe is hy doodgeskiet. Daarna het die mense weer gaan skiet, toe het hulle weer drie leeus doodgeskiet. Die laaste van die drie het die mense **amper** gebyt, maar **gelukkig** het hulle horn doodgeskiet sodat die leeu tussen hulle geval het. Van Palmietpan het weduwee H. Opperman en haar **seun** van 14 jaar omgedraai na Transvaal toe. 'n Paar dae later is Piet van der Merwe die weduvrou agterna gesit met **sy** twee ryperde Jack en Bok. Hy het **sy** vrou en kinders met **alles** behalwe die twee perde in die laer agtergelaat. **Hulle** is Damaraland en Namakwaland deur getrek en langs Grootrivier op tot in Transvaal.

M. van der Merwe en P. Labuschagne het aan die Westekant van die witpsnne gaan skiet. **Hulle** het daar 'n soutpan ontdek maar die sout was bitter. **Hulle** het toe daar by die bitter soutpan met hulle wa gestaan. Dieselfde môre wat die wa terug **gegaan** het laer toe, het die twee in 'n digte bos bulte in gery om te sien of hulle nie nog wild kry om te skiet nie. In die bosse het hulle 'n klomp **elande** gekry, die diere het toe na die Noorde gevlug. Toe hulle **aan** die **anderkant** van die bos uitgekrom het, het hulle die groot **soutpan** gesien, hy was rooi van kleur.

Hulle het die **elande** laat staan **en** na die soutpan toe **gery**. Daar het hulle van die **sout bymekaar gemaak** en in hulle **groot rooibont sakdoek saamgeneem** na die laer. **Ons** het baie goue 4 waens gevat en **gaan sout haal** want die sout was baie skaars in die laer. **Later** het daar nog **weer** ander waens gegaan. Die derde dag **aand** het ons by die Bittersoutpan gekom, omtrent 'n uur met die wa van die bitter-pan af toe was ons by die **mooi** soutpan. **Ons** het dadelik begin **sout** bymekaar krap met die jukskeie en met grawe opgelaai. **Ons** het nog dieselfde dag weer teruggetrek. Toe ons by Okokoja kom, was M. van der Merwe met sy familie daar. M. van der Merwe het sy osse teruggestuur na die laer om die families van H. van Wyk en H. du Toit na hom toe te bring. Veldkornet G. van der Merwe was saam met **ons** na die **Soutpan**. Toe ons by M. van der Merwe kom het Gert vir Marthinus **gesê** dit is nie goed van hom om van die laer **af te** gaan en dan nog ander families ook daar weg te vat nie want daar is berigte dat die kaffers, Ovambo's, opstandig was. **Marthinus** het toe **aan** die Veldkornet gevra: Ou Gert, het jy nou klaar gepraat? Toe sê Gert: Ja. **Marthinus** sê toe **aan** Gert als hy op die Elpenbeenstoel **gaan** sit om my te straf moet hy eers sy velbolhoedjie van hom afhaal. Ek het met ons wa by M. van der Merwe gebly, my twee maats L.M. du Plessis en J.A. du Plessis is met ons osse saam met die **ander** waens na die laer toe. Die volgende dag het die twee families van H. van **Wyk** en J. du **Toit** ook daar gekom. Die volgende week het die Kommissie by die laer gekom, terug van Kaokoveld af. Die Kommissie het van die see af met 'n **sandrivier** opgetrek, van Maandag tot Donderdag. Die wild was so skaars dat hulle verplig was om Donderdag een os te slag. In die tyd van Maandag tot Donderdag het hulle maar een **tarentaal** geskiet. Vrydag het hulle weggedraai van die rivier af en die vierde dag was hulle die gebergtes uit. Die nag het hulle op **Omahama** geslaap. Daar was ou veekrale van die **Damaras** en ook baie duwweltjies. Die vier oudste mans het op die wa geslaap en die ander **vyf** het net vlak voor die **voorwiel** van die wa **gaan** slaap. H. van **Wyk** het vir hulle **gesê** julle moet oppas, hoe sal dit met julle gaan als die osse vanag skrik. **Hulle sê** toe die osse is moeg hulle kan nie meer

skrik nie. Hulle het net pas gel& toe kom daar 'n wolf en die osse skrik en kom om na die hotkant toe. Hulle spring toe uit maar het skaars 20 tree weggespring of hulle was so van die duwweltjies dat hulle nie meer een voet voor die ander kan kry nie. Hulle vra toe aan die vier wat in die wa was om hulle skoene te bring. H. van Wyk het opgestaan en wou die skoene wegbring maar G. Alberts het toe gesê dat van Wyk die skoene nie moet wegbring nie, want hulle wou nie luister nie, maar van Wyk het toe vir hulle die skoene weggebring. Net toe die kommissie by die laer gekom het, het die laer vertrek na Kaokoveld behalwe H. du Toit - hy is na Damaralsnd. Op Verfpan is twee paar getroud, dit was W.J. Prinsloo met S.C. Labuschagne en P.J. Labuschagne met J. Prinsloo. Ons moes toe die laer verdeel om tussen die Damaras se veeposte deur te kom want die water was te skaars om alger tegelyk deur te trek. By Otjetambie moes ons die water geruil het by die Damaras. Daar is toe ook 'n kind van M. de Beer dood. Op Okamanja het die hele laer weer bymekaar gekom. Op Otjewarie het 'n ongeluk voorgeval met 'n geweer, maar nie dodelik nie. Vier seuns het gaan skiet, hulle het na Koedoes geskiet.

Z. Grobbelaar het sy geweer gelaai en die doppie opgesit maar vergeet om die laaistok in die pype in te steek, hy vergeet om die doppie af te haal en dan die laaistok in te druk. J. Botha vat toe 'die geweer en druk met geweld die laaistok in, die skoot het toe afgegaan en skiet die linkerhand se duim teen die hand af. Dit het darem later weer aangegroei. Dit was 'n seun van die laer kommandant Botha.

Vyf trekke verder aan die kant van die berge gekom waar ons meer als een jaar gestaan het. Daar is die laer weer uitmekaar en in klompies by die fonteine gestaan. Een gedeelte van die laer bet nog twee dae verder die berge in getrek en daar in drie klompies by die fonteine gestaan. In September het ons na die Kunene rivier gegaan om seekoeie te gaan skiet. Ek en M. van der Merwe het by die bitterputte omtrent twee trekke van die rivier af weer omgedraai na ons waens toe. Die ander het gegaan tot by die rivier en daar 'n tyd lank gestaan en seekoeie geskiet en ook ander wild. Party van die vrouens en kinders was ook saam met hulle mans wat gaan skiet het. D i e

vrouens het hulle **gaan** was in die rivier en daar **het 'n jong** krokodil vir **Pieta le Grange aan** die een been en **aan die een** hand gebyt, **sy** het geroep om hulp. Daar het drie vrouens haar met krokodil en al die water uitgesleep, **dit** was **S. van der Walt, H. Bouwer en M. Smit.** Toe hulle **aan** die kant gekom het, het twee **dogters Sesilia en Lesya,** die krokodil met sand gegooi want daar was niks **anders** om horn **iets** mee te doen **nie.** Hy het gelos en in die water **ingegaan.** Die bytplekke h-et baie jare na die tyd nog gesweer.

Die kaffers het toe **aan** ons mense **vertel** dat daar ander witmense 'n entjie verder op **langs** die rivier **bly.** Ons het alou gedink dat dit Portugeuse is. Agt mans het met perde gery, hulle het een kaffer saamgeneem **om** vir hulle die pad te wys en ook 'n boesman met 'n pakos om te vertaal. Hulle bet die rivier daar by die waens deur en **aan** die anderkant tot by die kaffers die vir hulle **gesê** het dat hulle eers moes wag dat hulle vir die kaptein **gaan** vra of die mense kan daar **deurga**an na Hombe. Die gaffers **het 'n mooi** plek uitgekyk **aan** die rivier om die mense vas te keer en **te vermoor.** Die mans het die perde afgesaal en die perde gekniehalter. Die kaffers het hulle bekruip in 'n sloot en 'n digte bos en op hulle storm geja met 'n groot geskreeu en geskiet. **Vier** van die mans het die perde gaan vang **terwyl** die ander vier die kaffers terug skiet van die perde af. Die pakos het **tussen** die kaffers ingehardloop. Toe die perde in hande was, het die ander vier ook gehardloop na die perde toe. Hulle het toe op die perde gespring en waggeja. Die perd van G. Alberts het horn twee **maal** afgewooi, die derde **maal** wat Gert opklim, het die perd koers gevat agter die ander **aan.** Die perd van P. **Botha** wou ook nie loop nie, hy het gebly staan, toe het Piet afgespring en die Boesman laat opklim, hy het die toom gevat en vir die kaffer wat vir hulle die pad gewys het **gesê** hy moet die perd se stert vat en horn met die kiere slaan, so is die drie die water in en deurgeswem. Die ander sewe het **aan** die anderkant van die rivier af gekom en so is hulle wear al agt die mans en **die** twee kaffers weer terug na die waens toe. Dit is die **name** van die **agt** mans: L.M. duPlessis, Gert Alberts, Gert van der Merwe, Petrus van der Merwe, **Andries** Alberts, Piet Botha, Izak Grobbelaar en **Willem** duPlessis.

Die volgende **môre** het daar **25** man baie **vroeg** na die kaffers toe omdat hulle die mense **wou vermoor**. Hulle het die kaffers geskiet en verjaag onder bevel van Gert van der Merwe. Toe het hulle na die rivier **gegaan** en afgesaal dat die perde kon **rus**. Die Portugese het **gou-gou** berig van die kaffers **gekry** dat die mense die kaffers geskiet het. Die **Kommandant** en 'n paar **ander** Portugese met 'n **klomp soldate** het na die **mense** toe gekom daar waar hulle afgesaal was. Die Portugese het toe hulle die mense sien 'n **wit vlag** opgesteek. Hulle het vir die mense 'n geskenk gegee; dit was twee **vaatjies wyn**, brood en gebakte varkvleis, en 'n **25lb** blik suiker. Hulle kon **nie mekaar verstaan** nie, hulle moes maar beduie waarom hulle die kaffers geskiet het. Toe was die Portugese ook **maar** bly want die kaffers **het** hulle ook maar baie gepla. Die Portugese is terug na hulle huise en **die mense** is terug na die **waens**. Die suiker en **wyn** wat nog oorgebly het, het die mense saamgebring na die waens. Nadat hulle **genoeg geskiet** het, is hulle weer terug van die rivier **af naar** Kaokoveld. In dieselfde **tyd** wat die mense **aan** die rivier gaan skiet het, is op ons staanplekke in die Kaokoveld weer drie mense dood, dit was Daniel de Beer (D. soon) en twee kinders van E. Jordaan, en kort nadat die mense daar gekom het van die rivier af is P. van Vuuren ook dood.

In **1879** het die mense in die Kaapkolonie gehoor hoe dit met ons gaan. Hulle het daar kollekte gedaan onder die mense om vir ons iets te stuur. Hulle het vir ons koring, meel, mielies, rys, vate met ingesoute vleis, koffie, suiker, boeke, fyn saadgoed en ook geld. Dit was soveel goed dat ons dit moes met 26 waens moes gaan **haal** het. Hulle het dit met die skip gestuur van die Kaap tot **aan** Walvisbaai. Daar was twee mans by die **goed** wat dit verteenwoordig het, dit was Joubert en Heybÿtel. Joubert het weer omgedraai naar die Kaap maar Heybÿtel het daar gebly om die **goed** onder die mense te deel. Hy het teen die end van die jaar in die Kaokoveld by ons gekom. Hy het gesê dat **hy iemand** sal **stuur** om vir ons die pad te wys na die **baai** dat ons nie miskien verdwaal nie. In Januarie 1880 het 'n kaffer daar by ons gekom, dit was 'n kolonie kaffer. Die derde Februarie is die eerste tien waens naar die baai saam met die **kaffer**. Ons het voorspoedig gery tot **aan** Natboutrivier daar het ons 'n paar week **gestaan** om gras te sny en droog te maak

vir ons **osse** want **aan** die **baai** was nie gras nie. 'n Trek **verder** langs die rivier op die Sendelingstasie was vier vragte van die **goed** wat die **transportryers** tot daar gebring **het**. Daar het toe drie **van die** waens omgedraai terug na die laer toe, die ander sewe waens het daar gebly tot **aan** die end **van** Maart toe het die ander **16** waens bygekom. **Daarvandaan** is toe **23** waens voorspoedig saam **getrek** tot by die Baai en weer terug na die laer. Die 2de **Mei** was ons weer by die laer terug. Toe ons by die laer kom was **M. van der Merwe** baie siek, hy is die 3de Mei 'dood. In die tyd. wat ons na die Baai toe was, is daar **14** mense **dood, dit** was: J.A. **Kruger** en sy twee oudste aogters Heila en Maria, Gert Smit, een kind van Ph. van der Walt, Ph. A. Oppermsn (A. soon), drie **kinders** van Ph.A. Oppermsn nl. **Johannes**, Catharina en Gertruida, Hendrik Grobbelaar (n oujongkêrel), A. Grobbelaar (geb. Robbertze) vrou van I. Grobbelaar, H. Grobbelaar (geb. Smit) vrou van H.W. Grobbelaar, J. Smit (geb. Bekker) vrou **van** F. Smit, S. du Plessis (geb. Breed) vrou van wyle J.H. du Plessis.

Van die mense wat van die Witpanne na Okavango was om olifante te gaan skiet het is vyf van dood, dit was C. du Toit (geb. Eloff) vrou van W. du Toit, I. le Grange n weeskind - hy was totaal **sonder** ouers, C. van Staden, jongkêrel, Anna de Klerk (geb. Bester) vrou van Z. de Klerk, Johanna de Klerk (geb. Klopper) vrou van W. de Klerk. Daar is ook agt huisgesinne met die skip van Walvisbaai naar Kaapstad terug; dit was weduwee J. **van** Aswegen, J. de Bruto, H. du Toit, W. Booysen, W. van der Merwe, G. **du Toit**, A. Bothma, weduwee M. Smit.

Heybýtél het ook osse gekoop en vir elk een gegee nadat hy nodig het. Daar is ook agt paartjies getroud, dit was: I.J. Grobbelaar (wewenaar) met W. Meyer (geb. Hamman); F. Smit (wewenaar) met H. Koekemoer (geb. du Preez); G. Alberts (wewenaar) met P. Le Grange; Ph. **Alberts** met M. van der Merwe; A. Alberts met A. van der Merwe; J. Labuschagne met M. **van der Merwe**; J.C. Steenkamp met S.C. Grobbelaar; M.W. Prinsloo met M. du Preez.

In September **1880** het n kommissie met drie waens gegasn naar Humpata. Die kommissie was L.M. du Plessis, G. Alberts, G. van der Merwe, H.P.J. van Wyk met die eerste wa; J.F. Botha E.E. Jordaan, W Klopper met die tweede wa en J. Roets, H. Ph. Grobbelaar, S.J. Grobbelaar, J.C. Kruger met die derde wa.

Daar was nog van **die** ander trekkers saam tot by **Kunene** rivier. Die Kommissie **is** verder en hulle is weer terug laer toe. Op Hoembie het die Portugese die kommissie **vriendelik** onthaal, een van die Portugese het saam met **die kommissie** gegaan tot op **Wiela**, 'n klein portugese dorp in die oostekant naby Humpata. Die kommissie het voorspoedig gery, net jammer hulle moes die **wilde wêreld** in sonder pad tot by Wiela. Daar moes die waens **agterbly** en agt van die mense is met perde naar Goewerneur op Mosamadis om te hoor of hulle daar kan gaan woon. Die agt mans was L.M. **du Plessis**, G. **Alberts**, G. van der Merwe, H. van **Wyk**, J.F. **Botha**, J. Roets, H. Grobbelaar en J.C. Kruger. Die Goewerneur het die mense vriendelik onthaal en ook toegelaat om daar te **woon**. Hulle was vry van oorlog diens als die regering hulle **nodig** het, dan word hulle gehuur. Hulle was vry met Kerk en skool. Hulle was vir tien jaar vry van belasting.

Die Kommissie het een wa op Wiela laat staan en is met die ander twee waens weer terug laer toe. Hulle het die end van Oktober by die laer gekom. Die 9de November het die laer in klompe getrek van Kaokoveld tot by die rivier, aan die anderkant van die rivier **het** die hele laer weer bymekaargekom. Daar is ook **drie** seekoeie doodgeskiet. Die ou baster wat van Kaokoveld af saam met F. Smit gekom het, het een seekoei doodgeskiet. Hy het ingeswem om die seekoei uit te haal maar voordat hy by die seekoei was, het 'n krokodil horn gevang. Die mense het horn nooit weer gesien nie. Die krokodil het daar ook van ons **beeste** gevang, **andere** net die pote en neuse stukkend gebyt. Toe die laer bymekaar was, het ons getrek naar Hoembie. **Daarvandaan** is een **van** die Portugese saam met die laer. Een trek van Hoembie af was nog water maar **daarvandaan** het ons vier trekke sonder water getrek. Ons moes ook Sondag trek om by water te kom. Daar het ook 'n wa op die Sondag omgeval, dit was die wa van weduwee **M. Kruger**. Daar was gelukkig nie **ongeluk** nie, maar die jongste kind het **amper** vermoor in die beddegoed; dit was Jannetta Kruger, my skoonsuster. Sy is later getroud met **L. Koekemoer**, sy woon nou nog hier naby ons. Een plek waar die laer een nag op die wal van die rivier gestaan het, is 16 honde gevang deur die krokodille.

Dit het maar moeilik **gegaan** om te trek want waar die bosse dig was daar moes **ons eers** gaan pad maak en ook waar **baie** klippe was, want party van die waens was gedrywe deur **vrou-**mense en daarom moes ons pad **maak**. Van Drieankerput 'n trek verder is een paartjie getrouh; dit was **C.** van der Walt met **A.** van Vuuren (gebore **Opperman**). Daar het ook masels uitgebreek in ons laer en een **vrou en** elf kinders is dood **aan** die masels. **Hulle** is dood tussen **Kamboe** se drif en **Humpata**. Dit was **M.** Opperman, vrou van **C.** Opperman en ook haar jongste kind, een kind van **D.C.** de Beer, **een** kind van **M.** de Beer. **Hulle** is in die jaar 1880. Een kind van **L.M.** du Plessis, een kind van **J.A.** Holtzhausen, een kind van **H.W.** Grobbelaar, een kind van **wyle M.** van der Merwe, een kind van **wyle S.** van **Vuuren**, een kind van **J.J.** du **Toit**, een kind van **W.** van der Berg en een kind van **Ph.** Alberts, hulle is in die jaar **1881**. Op **Kamboe** se hoogte wou **F.** Smit sy wa met die remketting rem, maar **sy** vingers kom tussen in en toe trek die remketting sy vingers vas. **Hy** het geskreeu **ho-ha ho-ha -jurie** my vinger. Die mense het stormgeloop en horn gehelp dat **sy** vingers **los** kom. **Op** dieselfde plek het die ouaste dogter van **L.M.** du Plessis voor van die wa afgeval, sy het een van die waens gedrywe maar gelukkig het sy nie seergekry nie, sy het tussen die wiele gebly **lê** tot die wa verby was. By **Pomponniema** het die mense 'n brug oor die rivier gemaak vir die kleinvee. By 'n eiland drie trekke verder het ons op **Wiela** die portugese **dorp** aangekom. Dit was die end van Desember 1880. **Ons** het daar gebly tot in Januarie **1881**. **Ons** het eers 'n pad gemaak die rand uit, dit het 'n week geduur. **Ons** het nog in **Januarie-maand** getrek tot op **Humpata**. Toe ons daar kom het die mense dadelik begin om 'n voor te grawe vir die dorp. Die **kommandant J.F.** **Botha** en oud-ouderling **R.J.** Holtzhausen en oud-ouderling **H.W.** Grobbelaar het elk 'n toespraak gehad toe hulle die eerste klippe **neergelê** het op die wal van die dam. Daar is ook gesing **Psalm 68 vers 2**. Die werk was baie gou klaar want hulle het in dieselfde tyd wat hulle besig was met die **dam** en voor ook die landmeter **laat** kom om vir hulle die erwe op te meet. Daar was ook ses huisgesinne wat **aan** die anderkant van die **rivier** uit 'n klein spruitjie hulle voor uitgrawe en daar gesaai het. Die **ander** het alger op die dorp gewoon en nog dieselfde jaar gesaai.

Daar op Humpata het in 1881 gekom **P.I.** Labuschagne, W.A. du Plessis, J. **van** der Berg, G.J. van der Merwe, P.J. van der Merwe, J.M. van der Merwe, **Ph.L.** du Plessis, E.E. Jordaan, G. Alberts, L. van der Merwe, Ph.-Schutte, D.C. de Beer, A. Pick Jnr, L.M. du Plessis, H.P.J. van Wyk, J.F. **Botha**, J.H. Robberts, I.J. Grobbelaar, H.W. Grobbelaar, F. Smit, C. Opperman, C.A. **Bothma**, R.J. **Holtzhausen**, J.A. Holtzhausen, G.D. Prinsloo, B. Prinsloo, W. van der Berg, S.J. Kruger, J.M. Roets, **H.Ph.** Grobbelaar, S.J. Grobbelaar, Ph. du Plessis, **Ph.A.** Opperman, A. Opperman, weduwee **M.S.** Kruger, weduwee C. du Plessis, weduwee J. du **Toit**, weduwee C. Pick, weduwee C.L. van der Merwe, weduwee A. van Vuuren, weduwee **M.** van der Merwe, J.C. Swart, M. de Beer, J. Grobbelaar, J.C. Kruger, **J.J.** du Toit, **C.M.** Labuschagne, W. Klopper, W.J. Prinsloo, P.I. Labuschagne, Ph. Alberts, A.N. Alberts, J.C. **Steenkamp**, J. Labuschagne, M.W. Prinsloo, C. van der Walt en Ph. van der Walt. Van 1882 tot 1884 daar gekom het was drie **wat** in 1878 in die sandveld van die laer af is **N.** Grobbelaar, P. Greyling en B. Prinsloo. Sewe wat in 1879 van die witpanne van die laer af is P. Venter, R.J. du Toit, W.J. du Toit; drie is **deur** Behelieland na **Kakonda** en daarvandaan na Humpata, **H.** van der Walt, Z. de Klerk en W.A. de Klerk, die ander een is deur Behelie na Belmond., die sendelingstasie. Daar het hy sy kar en **osse aan** die sendeling verkoop. Dit was M. van Staden, hy het in Behelieland groot moeilikheid gehad om sy broer te begrawe. Die geloof van die kaffers in Behelieland was dat 'n vreemdeling nie moet **begrawe** word nie maar in 'n boom opgehang word. Als hy besig was om 'n graf te maak dan word hy belet en gedreig. Hy het die **lyk** twee dae op sy kar gery, die tweede aand het hy by 'n rietvlei geslaap en die ander dag môre vroeg het hy gou 'n **graf** gegrawe en so het hy sy broer begrawe. Van die sendelingstasie Belmond af het die sendeling en die portugese sy vrou en 4 kinders met die **hangmat** laat dra tot Bengule Baai. Hy self moes maar loop, daarvandaan het die Portugese horn met die skip vervoer naar Mosamadis, daarvandaan is hy met **waens** van **ons mense** wat op die baai was saamgekom. Daar was nog vier huisgesinne wat by die **Witpanne** saam met die agt huisgesinne omgedraai, wat agter dat **hulle** van die laer af weg was **aan** die Okavangorivier getroud is, dit was P. de Villiers met C. van aer Walt, J.H. van der Merwe met C. de Klerk, T.C. de

Klerk met J. **van** der Walt, A. **van** der Walt met A. de Klerk. Hulle was getroud **deur** D.J.' Erasmus, hy was aangestel **als** **landdros**. In April **1881** het die Portugese tien van die mans gehuur om die kafferkaptein te gaan vang **omdat** die kaffers 'n **vrou** en twee kinders van 'n Portugees **vermoor** en die goed gevat en **aan** die brand gesteeke het. Die **Kommandant** van die Portugese en 'n klompie **soldate** met drie van ons mans het vooruit gegaan om die kaptein te gaan **vang**. Op Kamboe se drif moes die drie mans vir die ander sewe wag, toe hulle op die bestelde plek kom het die een vir die ander **gesê** ons **is** genoeg om met die **soldate** die kaptein te **gaan** vang en so is die drie mans met die Portugese **soldate** na die kafferstat, toe hulle daar kom was daar 'n groot klomp gewapende kaffers by die kaptein. Die **kommandant** het 'n teken gegee en **gesê** die een wat ek die baadjie voor gee is die kaptein, die moet hulle vang. Die twee mans wat die kaptein **moes** vang was J. Robberts en W.A. du Plessis. Hulle het die gewere oor die **skouers** gehang, gelyk dat die twee die **kaffer**kaptein vat het die kaffers op hulle geskiet, hulle het vir W. du Plessis met 'n klip in die arm geskiet, en vir J. Kruger twee skote geskiet een skoot in die bors en een skoot in die nek. J. Kruger het teen die **stam** van 'n kremetartboom gegaan sit. Robberts het dadelik die kaptein doodgeskiet. Robberts en du Plessis het die kaffers geskiet tot hulle verdwyn tussen die hutte. Die **Kommandant** en sy **soldate** het hulle deur die wind geskrik, die **soldate** het **alger** agter die **stam** van die kremetartboom weggekruip. Toe Robberts en du Plessis die kaffers weggeskiet het, en omgedraai bet was Joh. C. Kruger al dood, toe het hulle twee die lyk van J.C. Kruger op die perd gesit en teruggegaan. Met die teruggaan het die kaffers hulle van agter af gestorm en op hulle geskiet. Hulle het een van die **soldate** in die voet geskiet, toe het die ander **soldate** ook werk gehad want hulle moes die gekwetste dra: toe hulle op die bestelde plek kom op Kamboe se drif was die ander sewe mans daar. Hulle het die lyk van J. Kruger daar op die plek begrawe en die volgende mōre het hulle die kaffers gaan **skiet**. Nadat hulle die kaffers geskiet het is hulle weer terug na Humpata. In **1881** is op Humpata twee mense dood; dit was Ph. A. Opperman en M.S. Grobbelaar (geb. de Klerk), vrou van H.W. Grobbelaar.

van **1882** tot **1884** is dood: C. Opperman, M. van Staden, J.M. Roets, W.A. de **Klerk**, J.M. van **der Merwe**, C. van der Walt (jongkêrel) - hy het in die **oorlog** geval; Hester van Vuuren (geb. du-Plessis) vrou van P.H. van Vuuren; een kind van L.M. du Plessis; **twee kinders** van P.J. **Botha**. Die Portugese het later weer twaalf mans gehuur, om die kaffers te gaan skiet omdat hulle van die transport kaffers doodgemaak het. Dit was die **Kommandant** van die portugese met 'n klomp soldate en vyf mans met perde, dit was L.M. du Plessis, J.A. du Plessis, W.A.S. du Plessis, Ph.L. du Plessis en R.J. du Toit. W.A.S. du Plessis is dieselfde man wat met die klip in die arm geskiet is toe Joh. C. Kruger doodgeskiet is. Daar was ook nog ses mans met die voet en een van ons mak kaffers: J. van der Berg, N. Grobbelaar, C.A. Bothma, J.J. du Toit en C.J.H. du Plessis, dit was ekself, en J.D. Opperman en ou Swartbooi. Ons was die derde, dag aand weer by die huise. Toe ons op Wiela kom het die **Kommandant** van die **Portugese vir** ons 'n groot eetmaal gegee. Ons het elk een £2 - 10s. gekry vir ons diens. In 1883 het die Portugese weer 60 mans gehuur om die kaffers wat steel en ook moor te gaan skiet. Ons was verdeel in drie klompe, 22 met die voet bymekaar. Ons was 6 mans met perde, 10 met die voet. Die luitenant A. de **Payva** met 'n klompie soldate, ons was met twee waens, die derde klomp was ook 22 mans met perde. Die perderuiters was aan die linkerkant en ons wat met die twee waens was, was in die middel. Die 22 mans met die voet was aan die regterkant. Die **aand** was dit al donker toe ons uit die dorp getrek het om te gaan na die kaffers. Joh. Berdaal, 'n portugees was die leier van die mans wat met die voet was. Die **môre** voordat dit lig was was hulle by die stat. Hulle het nie baie geveg nie toe het hulle 'n klomp beeste gevat en terug na hulle huise. Hulle het met 'n ruie spruit wat weerskante rante was, die kaffers hulle agtervolg sodat hulle partykeer so na is dat hulle met mekaar praat, dan sê die kaffers hulle moet nie die beeste Humpata toe vat nie, dan sê die mense weer ons gaan hulle Humpata toe vat, ons gaan die koeie melk en ook daarvan slag. Hulle moet by 'n baie nou plek deurgaan tussen die berge, toe sê die kaffers by die poort gaan ons die beeste vat, toe hulle by die poort kom het ses mans voor die beeste gegaan, als die kaffers van voor af kom dat hulle die kaffers kan terugskiet. Toe hulle die poort ingaan

het die kaffers **van** die **regterkant** en van agter gestorm met gewere en **pyl** en boog geskiet en ook met klippe gegooi. Die kaffers het die **leier** Joh. Berdaal met 'n klip op sy kop gegooi, die kaffers het **een** van **ons** mak kaffers met 'n klip agter die blad geskiet maar die klip het nie **eers** die baadjie **deurgegaan** nie. Die kaffer-se **naam** was Slagveld, hy het vir sy maats **gesê julle moet maar** voortgaan ek is geskiet. Ruiter **sê** toe vir horn laat ek sien. **Ruiter** het gekyk en **gesê** nee wat hy het net die ferweelbaadjie se koorte platgeslaan. **Hulle** was vroeg die **mid-**dag weer terug by hulle huise. Ons was ook voor sonop by die plek waar ons moes aanval, ons het met die begin 'n paar skote geskiet maar die kaffers het gevlug. Ons ses wat met die perde was het 'n end geja en 'n klomp beeste gevat, daar toe ons die beeste vat het die kaffers een skoot op ons geskiet, maar ver **bo-oor ons**. Ons het die beeste in 'n kraal geja en drie **mans** met 'n klompie soldate het daar gebly. Vier **van** ons mak kaffers is somaar 'n koers in en ons nege weer 'n ander koers. Nadat ons weg was het die kaffers die drie mans bekruip en op hulle geskiet, maar die drie mans het hulle gou weer terug geskiet. Die **soldate** het alger in die kraal tussen die beeste ingegaan om weg te kruip. Die vier kaffers van ons het later weer teruggekom na die kraal toe. Toe is die drie mans en vier kaffers en die **soldate** met die beeste na die waens toe. Ons het verder gegaan maar dit was so **ruig** van bosse dat ons verplig was om drie mans met die perde te **laat agterbly** en met die voet verder gaan. Ons **ander** ses is verder. Ons het kaffers gesien en ook op hulle geskiet maar hulle het nie teruggeskiet nie. Met ons teruggaan het ons een kaffer gevang. Ons het nog **ander** kaffers **gekry** en op hulle geskiet maar hulle het gevlug. Toe ons by die kraal kom waar die beeste was het ons gesien dat hulle al weg was. Toe ons naby die waens was het een kaffer weer na die mense wat met die voet agter ons was geskiet, toe ons by die **soldate** kom het **J.F. Botha** vir hulle **gesê** dat hulle die kaffer moet gaan vang of doodskiet. Toe hulle nog omtrent 400 tree van die kaffer was het hy na hulle geskiet, toe het hulle ook beginskiet maar hulle net nie 'n tree nader gegaan nie. Toe ons by die **waens** kom het ons afgesaal en **J.F. Botha** het vir die Luitenant **gesê** dat hy met die fluit moes blaas dat die **soldate** kan ophou om te skiet, hulle skiet net al die **patrone** weg.

Die volgende dag het ons **gegaan** om die hoofstad in te neem, die kaffer wat **ons** gevang het het vir ons die pad gewys. Ons het die **stad** ingeneem sonder om een skoot te **skiet**, ons het die stad **aan** die brand **gesteek** toe het **ons** die kaffers gehoor **skreeu** in die bosse. **Ons** het verder **gegaan** en elke stad wat ons by kom **afgebrand**. Met **ons teruggaan** het 'n kaffer weer van die **Westekant** af **geskiet** na die **soldate** wat agter ons was. Die **soldate** het toe na die suidekant toe **geskiet**. J.F. **Botha** het vir hulle **gesê** hulle moet ophou met hulle **geskiet**. Die agtermiddag het ons weer by die waens gekom. Toe ons by die waens kom was van die perderuiters **daar**. **Hulle** het ons vertel dat A. Pick Jnr. weg was, hy het sy maats verloor en dat die kaffers een perd van R.J. Holtzhausen wat P.H. van Vuuren op gery het, doodgeskiet het. Die **ander** perderuiters was met die beste weg na die huise op Humpata. H.W. Grobbelaar was besig om **vuur** te maak om vleis en mielies te braai; dit het **gereën** en die hout was nat. **Hy** het **sy** kruitbus in die bo-baadjie se **binne**-sak en die veer van die kruitbus was stukkend toe het daar van die kruit in die **vuur** geval, toe die slag slaan het die slag horn onderstebo gegooi dat **hy** op **sy** rug lê. Sy hare en sy baard en sy gesig is als verbrand, sy hoed was ook van **sy** kop af. Toe die slag slaan het ons **alger** stormgeloop en horn opgehelp. Toe ons rondom horn staan en kyk vra hy of daar nie so 'n goeie man is wat horn sal doodskiet nie. Ons het niks anders gehad om **aan** die wonde te sit nie, als die **geel** van hoendereiers. Die-selwde **aand** het A. Pick op Wiela kom. Die Kommandant was net van plan om met 'n kanon na ons toe te kom toe **sê** hy A. Pick moet saamkom. Hy wou eers nie want **hy** **sê** dat sy ouers sal onrustig wees maar die Kommandant het dadelik rapport **gestuur** vir sy **ouers** dat **hy** daar is. **Hulle** is die **aand** van Wiela af en nog dieselfde nag **voordag** was hulle by ons. Ons was **alger** baie bly om te sien dat **hy** weer daar is.' Die **môre** is ons weer verder, die Portugese het drie skote **geskiet** met hulle kanon vir plesier.' Ons het die volgende nag weer by die huis gekom. Die Portugese het ons perderuiters elkeen agt beste betaal en die voetgangers het elk vier beste gekry. Die perd van R.J. Holtzhausen is ook uitbetaal, gewaardeer vir £100. In 1881, einde Desember, het Ds. J. Lion-Cachet weer ons gekom bedien, hy het met die **trans**-portwaens saamgekom van Mosamadis af tot onder die Berg, want die

pad was nog nie klaar nie. **Hulle** het die nag **onder** die berg' geslaap. Ds. Lion-Cachet het **die nag** wakker geword toe **sê** hy vir die mense hulle moet die **goed** toemaak want die **reën** kom, hulle kyk toe sien hulle dat dit die kranse van die berg is wat die Dominee gesien het. Die volgende **môre** het hulle die **berg** uitgeklim, die eerste **ent** kon die dominee nog **ry** maar later moes **hy** maar van die perd afklim en met die voet loop, ente **moes** hy **aan** die perd se stert vat om uit te kom. Hulle het die **agter-**middag op Humpata gekom. Ons was **so bly** dat ons geskiet het of dit n jong oorlog was. **Hy** het nog dieselfde **aand** vir ons **diens** gehou in die huis van **oud-ouderling** R.J. Holtzhausen waar hy ook **sy** ander **dienste** gehou het. **Ons** moes daar weer kerkraad kies want die kerkraad **wat aan** die Krokodil gekies is, wat te **uit-**mekaar, want twee ouderlinge het omgedraai terug Transvaal toe; een **ouderling** en een diaken is dood, toe het ons nog net twee diakens. Daar is toe vier ouderlinge en vier diakens gekies. Dit was als ouderlinge: L.M. **du** Plessis, H.P.J. van Wyk, P.J. van der Merwe, E.E. Jordaan. Als diakens **J.A.** du Plessis, S.J. Kruger, **J.** van der Berg, S.M. Labuschagne. Daar het ook 'n groot klomp mense die belydenis des geloofs afgelê; daar is ook 'n groot klomp kinders gedoop, party van hulle was al vier jaar oud. Die Heilige Nagmaal is bedien. Dit was vir ons twee weke wat baie aangenaam was, want die Dominee was twee weke by **ons**. **NE** die twee weke verby was het hy weer teruggegaan. Ons het horn weer gegroet met 'n groot geskiet. Die mense het die Dominee weer weggebring tot op Mosamadis Baai. Daar is van **1881** tot 1884 getroud: **H.W.** Grobbelaar (wewenaar) met **M.S.** Kruger (geb. de **Klerk**); C. Opperman (wewenaar) met A. Holtzhausen; A. Opperman (wewenaar) met C. du Plessis; W.A. de Klerk (wewenaar) met C.L. van der Merwe (geb. du Plessis); P.J. Botha met J. Meyer; W.A.S. du Plessis met **M.** du Plessis; S. Venter met A.C. Labuschagne; Ph.J. van der Walt met A. van der Merwe; P.H. van Vuuren met H. Kruger (geb. du **Plessis**); H.W. Grobbelaar (wewenaar) met A. van Vuuren. (geb. van der Merwe); A. de Beer met M. van der Merwe; P.H. van Vuuren met E.G. Kruger, **J.D.** Opperman met A. van der Merwe, J. Opperman met H. Opperman, C.J.H. du Plessis met C.A. Kruger; J.F. **Botha** met J. Venter; **A.J.** de Paiva met J. Botha; P.J. **Prinsloo** met H. Opperman; Z. Grobbelaar met **H.M.** Smit; P. du Preez met A. Opperman (geb. Holtzhausen).

In **1884** het Ds. M. Pelzer vir ons **kom** Nagmaal bedien. Daar is ook weer **kinders** gedoop en Belydenis des Geloofs **afgelê**. Hy het ook 'n **klomp** geld **saamgebring** wat die mense in Transvaal Vrystaat en Kaapkolonie **gestuur** het vir die mense wat weer wil terugkom na Transvaal toe, **om vir** hulle osse en nodighede te koop. Daar is 'n **Kommissie** aangestel om vir die mense die **goed** soals osse en seile **te** koop en vir elkeen gegee nadat hy **nodig** **het**. Daar was sewe-en-dertig huisgesinne wat gebruik gemaak het van die geleentheid om terug te kom Transvaal toe. In Oktober **1884** het die trek weer begin, van Humpata terug Transvaal toe. Ons het voorspoedig getrek tot in Januarie 1885 het ons by die Witpanne gekom. Een gedeelte het na Grootfontein en een deel het by die Witpanne gebly tot in Augustus. Ons is daarvandaan na Grootfontein. Ons het die begin van Oktober daar gekom. In Desember het **15** huisgesinne die trek aangevat van Grootfontein; drie is Damaraland en Namakwaland, **Ebbenton** het hulle by **Groot-** rivier gekom. **Eulle** is met Grootrivier opgetrek tot Vaalrivier en met Vaalrivier op tot in Griekwaland, naby Veertienstroom, Daarvandaan is twee **na** distrik Rustenburg - S.J. Kruger en weduwee E.G. Roets; en een het daar **aan Vaalrivier** naby Veertienstroom gebly, dit was A. Pick **Jnr.** Die **ander** twaalf huisgesinne is na die 'NGamie **meer** en **langs** die meer af en die dorsland deur met dieselfde pad wat ons mee getrek **het** na Humpata. Ons het die 6de Mei 1886 au: die meer gekom en die 14de Junie 1886 het ons weggedraai die dors in. Ons het voorspoedig die dors deurgetrek en die 9de Julie **1886** **aan** die Krokodilrivier gekom. By die drif **aan** Krokodilrivier is ons van mekaar af; een deel na Distrik Pretoria en een deel na Distrik Rustenburg. Na distrik Pretoria is P.J. Botha, E.E. Jordaan, D.C. de Beer, M. de Beer, A. de Beer, J.A. Holtzhausen. Na distrik Rustenburg is H.P.J. van Wyk, J.J. du Toit, C.A. **Bothma**, C.J.H. du Plessis en weduwee C.L. de Klerk; en een huisgesin is na **Potchefstroom**, dit was Ph. Schutte. Die 22ste September het op die plaas van P. Kruger, **Buffels-** fontein gekom. Van die mense wat op Grootfontein **agtergebly** is nege huisgesinne weer terug na Humpata, en die **ander 13** het na Transvaal toe gekom. Die nege huisgesinne wat in 1887 weer teruggetrek het na Humpata was **L.M.** du Plessis, J.H. du Plessis, **C.J.** van Vuuren, C. du **Toit**, P.J. Labuschagne, J.A. du Plessis, C.M. Labuschagne, J. Labuschagne, S. Venter. Die **13** huisgesinne wat

na Transvaal toe gekom het was R.J. Holtzhausen, L.M. du Plessis P.H. van Vuuren, Ph.L. du Plessis, N. Grobbelaar, G.D. Prinsloo, W.J. Prinsloo, M.W. hinsloo, P.I. Labuschagne Jnr, J. van der Berg, W. van der Berg, weduwee A. du Preez, weduwee H. Prinsloo, R.J. du Toit is Asfontein Distrik Grootfontein S.W.A. deur die Boesmans vermoor, toe **is sy vrou** daarvan na Walvisbaai en daar vandaan na die Kaap en van die Kaap na Transvaal, distrik Rustenburg. Die mense wat met die terugkom dood is: Op Okahanja **1884** twee kinders van P.J. Botha, Op Kokoja 1885 C. Pick, (geb. Prinsloo) vrou van wyle A. Pick snr); op Rietpan 1885 drie kinders, twee kinders van P.J. Botha en een van Ph. Schutte. Op Rietfontein N'Gamieland 1886 twee kinders van P.J. Botha; op Klautsi tussen Gama en die dorsland 1886 een kind van J.A. Holtzhausen. Op Grootfontein is vier paar getroud, dit was L.M. du Plessis met H.G. Holtzhausen*, J.H. du Plessis met A. Opperman, C.J. van Vuuren met S.C. du Plessis, C. du Toit met weduwee M. du Plessis. Van die mense wat op Grootfontein en met die terugkom dood is: P. du Preez, W.A.S. du Plessis, een kind van Ph.L. du Plessis, een kind van P. du Preez. Op pad terug P.J. Prinsloo, E. Holtzhausen (geb. Henningse) vrou van R.J. Holtzhausen. Tien kinders het **sonder ouers** Transvaal ingekom.

---oOo---

*

OUFA DU PLESSIS:

Gebore **5 Desember 1866** in die destydse Distrik Pretoria, nou Brits Distrik

Siek geword - Desember **1912**

Bedlêend vanaf September **1918**

Blind vanaf **1930**

Oorlede op 8 Mei **1942**.

OUA DU PLESSIS (GEB. HOLTZHAUSEN)

Gebore **17 September 1865**

Oorlede Februarie **1966**